

Die Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 44 • Augustus | September 2017

Die padkaart vir die
rooivleisbedryf

Bewaringslandbou
die holistiese benadering
tot volhoubaarheid

Fokus op insetverskaffing

Fokus op besproeiing

Sekere beginsels by die keuse van sojaboonkultivars:
Plantdatums en groeiklas

VKB se resultate vir 2016/7



www.vkb.co.za | www.ntk.co.za

vkb ntk

nu-pro
VOERE

PROMOSIE
Skole/Boereverenigings
R30/Ton skenking



**NEEM DEEL AAN HIERDIE 6 MAANDE PROMOSIE EN
SAMEL FONDSE IN VIR DIE SKOOL/BOEREVERENIGING
VAN JOU KEUSE.**

Geldig 1 April 2017 - 30 September 2017

PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:

- Alle Nu-Pro Skaap Produkte.
- Alle Nu-Pro Vleisbees produkte.
- Alle Nu-Pro Winterlekke.

Termes en Voorwaardes:

Sien www.nupro.co.za onder Promosies vir termes en voorwaardes.

AANDAG!!

Skole & Boereverenigings

Neem deel aan:

Nu-Pro Winter Promosie vanaf 1 April tot 30 September 2017.

U Skool se Beheerliggaam of Boerevereniging

U TEGNIESE BEMARKERS IS AS VOLG:

Alle Handelstakke Noord van Bethlehem: Pierre Haasbroek (Msc Agric Diervoeding)
060 975 7847 • pierre.haasbroek@nupro.co.za

Alle handelstakke Oos van Bethlehem en KZN: George Delpont (Bsc Hon Diervoeding)
073 255 0350 • georged@nupro.co.za

Alle Handelstakke Wes, Suid van Bethlehem: CM Kotzé (Bsc Agric Hon)
082 553 7189 • cmkotze@nupro.co.za

Besoek ons webtuiste ook vir produk inligting by www.nupro.co.za

PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:

SKAPE

- NP Lam Kruip Korrels.
- NP Lam Hokkie Korrels.
- NP Skaap Aanvangs Korrels.
- NP Skaap Afrond Korrels.
 - NP Stoetram Korrels.
- Konsentrate en ander Klante mengsels op aanvraag beskikbaar.

BEESTE & SKAPE

- 1 Stop Vetmes Konsentraat (Beefmax 40).
 - NP Winterlek 45.
- NP Grainlick 450 (op gestroopte lande).
 - NP Produksie Lek 28.
 - NP Hefgrow 17 (Back Rounding).
- Konsentrate en ander Klante mengsels op aanvraag beskikbaar.

Opsie bestaan om mielies by u naaste Safex Silo te lewer vir ons mielie omruilskema van mielies in u produk en alle koste na lewering is vir Nu-Pro se rekening. Kontak ons hieroor.

nu-pro
VOERE

www.nuprovoere.co.za • 058 303 9587/9

INHOUD

17-21

Dieregesondheid: Kriptosporidiose

28-30

Bewaringslandbou, die holistiese benadering tot volhoubaarheid

34-36

Sekere beginsels by die keuse van soja-boonkultivars: Plantdatums en groeiklas

Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

5	Voorwoord
6-9	VKB se resultate vir 2017
10	Standard Bank
12	Besigheidsoerwoud: Die Buffel
14-16	Transmissie: Hier om kliënte meer te bied
17-21	Dieregesondheid: Kriptosporidiose
22-25	Die padkaart vir die rooivleisbedryf
26-27	Red Energy werk saam met die son
28-30	Bewaringslandbou, die holistiese benadering tot volhoubaarheid
i - vii	Fokus op besproeiing
31	Thato Moagi, young female farmer on the rise
32-33	Japie and Martha Mosomane: Success comes with hard work
34-36	Sekere beginsels by die keuse van soja-boonkultivars: Plantdatums en groeiklas
38-39	Sakata vir gehalte en verskeidenheid
40-42	Gesondheid: Brandwonde
44-46	Wenke wat werk
48-49	Kinderhoekie: Benja gaan see toe
52-53	VKB Rugby
54-58	VKB en NTK Nuus
59	Bootrit

22-25

Die padkaart vir die rooivleisbedryf

40-42

Gesondheid: Brandwonde

VKB se resultate vir 2017

6-9



Hoe lyk jou voetspore

Drie foto's sit my nou die dag aan die dink: Die eerste is 'n toneel uit die wildtuin. Olifant- en bokspore lê gemeng in die rooi sand. Op foto twee lê die viertoonspore van seevoëls op 'n strand. Op foto drie lê koeldrankblikkies, tjijsakkies, plastieksakke, bottels en papiere. Ek het so skaam gekry vir ons wat onself "beskaaf" noem, maar dan is dit die voetspore wat ons agterlaat wanneer ons 'n sportstadion, 'n piekniekplek, 'n park of die strand verlaat.

En toe kom ek op die gedig hier onderaan af, en dit laat my nóg meer dink aan die voetspore wat ek en my familie agterlaat. Wat is die lesse wat ek vir my kinders leer? Wat is die lesse wat ek by my ouers geleer het?

My pa-hulle het kleintyd vir ons vertel hoe hulle oor ver afstande kaalvoet skool toe geloop het, en ek dink aan vandag se kinders wat in so baie gevalle mét skoene aan soggens reg voor die skoolhek afgelaai word. Ek moet darem bysê dat baie kinders in ons landelike gebiede, veral, opgewonde is oor die feit dat hulle wel by party skole toegelaat word om kaalvoet te loop. En wat is dan lekkerder as om op die plaas met jou kaalvoete in warm beesmis te trap?

Ek dink ook aan wáár ek al oral die voorreg gehad het om my voetspore te los – van by my huis tot in van die verste uithoeke van ons land en tot in van die verste uithoeke van die wêreld.

Maar ek besef dis nie net fisiese voetspore wat ons agterlaat nie.

Ek woon 'n vriendin se ma se begrafnis by en ek luister na die mooi goed wat almal oor tannie Martie te sê het. Op pad na my eie ouers toe dink ek dat ek daarvan sal hou as mense op my begrafnis of agter my rug sulke mooi dinge van my sal sê.

Ons los almal onwetend voetspore in mekaar se lewe, op mekaar se hart.

Een ondeurdagte opmerking van my kan iemand vir 'n leeftyd ongelukkig agterlaat. Aan die ander kant kan 'n woord van bemoediging of 'n opreg bedoelde kompliment iemand se selfbeeld tot sy ere herstel, of iemand se geloof in die goedheid van die mensdom herstel.

Een getuienis of daad van my kan 'n niegelowige weer laat dink oor God se hand in ons lewe en daardie persoon na die Koninkryk van God toe lei. Of 'n oordeel of veroordeling van my as Christen kan iemand laat besluit om nie 'n God aan te hang wat veroordelend en verdoemend is nie.

Ek besef net weer ons elkeen moet maar elke dag bewus bly van die voetspore wat ons agterlaat.

Hoe lyk jǒu voetspore?

Hannelie



Voetspore Awie Warrington

Spore in die sand, grond, beton, versteen
in die aarde,
van groot geeste in die verlede,
het hul onvergeetlike merke daar gelaat.
Soos enige ander is daar diep spore
van leiers, sedert toeka se dae.
Voetspore van gewone Trekkers,
lei tot vandag na elke plaas,
gebou en straat.
Hul durf en
deursettingsvermoë deur
beproeuinge, hul weë
wel gekaart.
Dit lê diep getrap in
moeder aarde.
Met tyd kon dit
verwaai word, maar
ons as nasate
se plig is om dit op te
diep en te ontgin.
Hul goeie dae na te
volg, voort te bou en te
oorwin.
Ter ere aan Hom en vir
voortgang van ons
kinders en hul s'n.
Voetspore getuig van hul
nalatenskap, so ook ons
wat voortbou,
al is ons hoe verpletter,
moedeloos
en verlate.

vk^b se resultate vir 2017

Koos van Rensburg

Die VKB Groep het gedurende die afgelope jaar die proses van herstrukturering afgehandel om 'n groep te vorm met 'n houermaatskappy (VKB Beleggings) en aparte bedryfsmaatskappye vir landbou (VKB Landbou) en nywerhede (VKB Agri Processors). Die VKB Landbou-been sal steeds met ons koöperatiewe model voortleef in twee divisies, naamlik VKB en NTK, terwyl VKB Agri Processors 'n korporatiewe model sal volg.

Primêre landbou is reeds vir bykans 'n eeu die kernrede vir ons onderneming se bestaan, en sekondêr hiertoe poog ons om waarde toe te voeg tot ons produsente se produkte.

Ons primêre doel is om vir die landbouprodusent 'n klimaat te skep waar hulle op produksie kan fokus en hulle te ondersteun om suksesvol te produseer. Ons groot fokus is ingestel op die voorsiening van direkte insette (brandstof, saad, kunsmis, veevoer, verpakkingsmateriaal, veemiddels, versekering en finansiering), hantering en berging van graan en die bemarking van die produkte.

Ons het baie ver gevorder met die vestiging van ons nywerhede en voeg reeds waarde toe tot witmielies (210 000 ton), geelmielies (105 000 ton), sojabone (125 000 ton) en koring (85 000 ton). Dit dek dus die vernaamste gewasse wat in ons produksiegebied verbou word.

VKB Groep

Die 2017 finansiële jaar sal vir baie lank onthou word as een van die moeilikste jare in VKB se geskiedenis. Na bykans 10 jaar van ongeken- de voorspoed en groei vir VKB het ons 'n baie moeilike jaar beleef. Ons is dankbaar dat die VKB Groep steeds kon afsluit met 'n wins van R132 miljoen, ten spyte van groot verliese deur die nywerhede. Dit beklemtoon maar net weereens dat die stabiliteit van landbou in ons omgewing die basis is waarop die groep se fundamente gebou is.

Die jaar se resultate is behaal gedurende 'n jaar wat klimaat, plaasli-



Koos van Rensburg is besturende direkteur van die VKB Groep.

ke en internasionale politiek 'n geweldige uitwerking op die sakelandskap in Suid-Afrika gehad het.

Die aanloop tot die aanwysers van die regerende party se topstruktuur het 'n baie groot invloed op die sakevertroue in Suid-Afrika. Hierdie politieke en beleidsonsekerhede manifesteer in die afgradering van ons kredietwaardigheid deur kredietagenskappe.

Dit kulmineer in wisselvalligheid van ons ekonomiese aanwysers en veral die wisselkoers was baie meer onvoorspelbaar as waaraan ons gewoond was. Dit het aankope van grondstof vir ons nywerhede baie moeilik gemaak die afgelope jaar.

Op internasionale terrein het sake ook nie so stabiel verloop as wat die sakesektor op sou hoop nie. Die VSA het 'n nuwe president verkies en ook hier het dit 'n groot invloed op beleidsekerheid en die waarde van die Amerikaanse dollar. Dit het op sy beurt 'n groot invloed op graankommoditeite se pryse.

Groot onsekerheid bestaan in die internasionale landbouhandel oor die uitwerking van die nuwe beleidsrigting wat die Trump-administrasie ingestel het, en dit het op sy beurt 'n groot effek op landboukommoditeite se internasionale pryse. Dit affekteer weer Suid-Afrikaanse kommoditeitspryse.

Europa het ook sy eie uitdagings met die onttrekking van Brittanje aan die Euro-sone. Die Brexit-besluit dra daartoe by dat daar groot onsekerheid bestaan oor hoe handels-

bande tussen die vyfde grootste ekonomie in die wêreld en die res van die lande binne die EU asook die res van die wêreld die volgende aantal jare gaan verloop.

Al hierdie gebeure het indirek 'n groot invloed op die stabiliteit van ons sakeomgewing, wisselkoerse en gepaardgaande beleide, wat die daaglikse bestuur van ondernemings bemoeilik.

VKB Landbou

VKB Landbou het baie bevredigende resultate gelewer gedurende die 2017 finansiële jaar en met 'n wins van R243 miljoen afgesluit.

Die grootte van graanoeste het normaalweg 'n baie groot invloed op landboubesighede se resultate. Die 2016-somer sal onthou word as een van die droogste jare in Suid-Afrika se geskiedenis.

Met die aanbreek van die 2016 kalenderjaar en lank nadat die optimale planttyd reeds verstryk het, het die eerste werklike reëns teen middel-Januarie 2016 geval.

Dit het wel aan produsente die geleentheid gebied om inderhaas te plant. Die oes wat dit in ons bedieningsgebied opgelewer het, het ons verwagtinge oorskry, gegewe die intensiteit van die droogte. Hoewel die opbrengs ongeveer 25% laer was as die vorige jaar se uitsonderlike goeie oes, was die waarde daarvan, gegewe die ongelooflike hoë graanpryse, bykans dieselfde as die vorige jaar se groot oes.

In so 'n jaar is daar ongelukkig produsente wat baie swak oeste gemaak het, gegewe die klimaat, maar die produsente wat billike oeste gehad het, het die geleentheid gehad om te deel in die graanbulmark.

Die droogte het ook geleenthede vir die groep gebied. Dit het noodsaak dat groot volumes graan ingevoer moes word. Gegewe ons geografiese ligging kon ons daarin slaag dat baie van die ingevoerde graan deur ons silostrukture die land binnegekom het.

Dit het bygedra dat die groep se graandepartement billike resultate kon behaal, ten spyte van die droogte. 'n Verdere bydrae tot die billike prestasie deur die landboudivisies is dat die 2017-aanplantings, in skril-

kontras met die 2016-seisoen, onder bykans ideale omstandighede plaasgevind het. Die kommersiële en finansieringsafdelings het daarby gebaat.

Ten spyte van die swak prestasie van VKB Agri Processors, het die nywerhede 'n positiewe effek op die prestasie van VKB Landbou. Die groep het die afgelope jaar 525 000 ton graan verwerk. Baie van die graan is langer in VKB se silo's gestoor as wat die geval sou wees as ons nie die produkte verwerk het nie. Dit bied die geleentheid om meer silo-inkomste te verdien. Daar is ook baie graan van buite die tradisionele VKB-gebied na VKB se silo's getrek, spesifiek met die oog op verwerking deur ons nywerhede wat 'n verdere bydrae gelewer het tot ons silo-inkomste.


VKB Agri Processors

Ongelukkig het VKB Agri Processors teleurstellende resultate behaal in die 2017 finansiële jaar, weens verskeie redes, en die jaar afgesluit met 'n verlies van R122 miljoen.

Die strategie met VKB se nywerhede is om waarde toe te voeg tot ons produsente se produkte. Suid-Afrika is normaalweg 'n uitvoerder van primêre landbouprodukte. Normaalweg verhandel ons graankommoditeite teen pryse wat afgelei word van uitvoerpariteit. Gegewe die droogte wat ons gedurende 2016 ondervind het, is graan verhandel op 'n afgeleide invoerprysbasis. Ons was altyd bewus dat ons nywerhede minder winsgewend sou wees gedurende invoerjare met hoë grondstofkoste. Hoe negatief die effek van hoë grondstofkoste op ons nywerhede kon wees, het ons nie voor die tyd verag nie. Die negatiewe effek is vererger deur fluktuasie in die grondstofkoste, wat tot 'n groot mate veroorsaak word deur beleidsonsekerheid. Voorbeelde hiervan is die veranderde beleid oor die invoer van geneties gemanipuleerde witmielies, wat die prys van witmielies dramaties verlaag het en bykans al die groot meulenaars met duur grondstof gelaat het. Die gevolge van die duur grondstof was dat VKB Milling se meulens afgesluit het met 'n verlies, waar dit die vori-

Aandelhouders

VKB Beleggings (Edms.) Bpk.



ge jaar 'n beduidende bydrae tot winsgewendheid gemaak het.

Die braaikuikenbedryf is gedurende die jaar getref deur die sogenaamde "perfekte storm". Benewens die effek wat die droogte op grondstofpryse gehad het, is ons land oorlaai met ingevoerde hoender wat binnelands verkoop word teen pryse benede ons (en ook internasionale) produksiekoste.

Binnelands moes ons kuikens groei met die duurste voer ooit en in die buiteland was grondstof van die laagste in jare. Dit het invoerders uiters mededingend gemaak.

Te midde van die krisis is wetgewing in verband met waardetoevoeging op hoendervleis gewysig om maksimum 15%-inspuiting van die hoendervleis toe te laat. Dit het tot gevolg gehad dat die mark nuwe ewewig moes vind en met verbruikersweerstand te doen gehad het.

Gelukkig blyk dit nou dat die regering die ernstige gevolge vir die pluimveebedryf en die groter landboubedryf begryp en dat daar wetgewing in plek gestel word om storting in Suid-Afrika te beperk.



Graan word by een van VKB se silo's afgelewer.

VKB Flour Mills se resultate was billik as in ag geneem word dat die nuwe bakkerie 'n tydjie sou neem om in die mark gevestig te word.

Free State Oils het ook 'n klein verlies getoon weens hoë sojaboonpryse en mededingende invoere.

Ten spyte van die teleurstellende resultate van ons nywerhede gedurende die afgelope jaar, is ons steeds

van mening dat die waardetoevoegingstrategie die regte een is en dat, gegewe 'n gelyke internasionale speelveld, die nywerhede in die toekoms nog groot waarde vir VKB se aandelhouders en produsente sal bied.

Prognose vir 2018

Die prognose vir die 2018 finansiële

jaar lyk uiters gunstig. Dit blyk dat Suid-Afrika die grootste someroeste van alle tye gaan insamel. Beide sojabone en mielies lewer ongelooflike groot opbrengste regdeur ons gebied.

Die potensieel groot oes gee produsente die geleentheid om hulle finansiële posisie te verstewig. Dit gee VKB volumes graan wat ons bergingskapasiteit oorskry en gevolglik behoort ons finansiële resultate dit in 2018 te reflekteer.

Die laer kommoditeitspryse bied aan al ons nywerhede die geleentheid om billike resultate te reflekteer.

Daar is meer stabiliteit in die braaikuikenbedryf met die regering wat meer ingestel is om teen storting op te tree, asook die internasionale mededingendheid van die Suid-Afrikaanse bedryf wat verbeter het gegewe beter grondstofpryse.

Die VKB Groep sien gevolglik met groot afwagting uit na die ontplooiing van die 2018 finansiële jaar.

■ **Koos van Rensburg** is die besturende direkteur van die VKB Groep.

VKB BELEGGINGS (Edms.) Bpk

VYFJAARORSIG

Bedrae in miljoen behalwe waar anders aangedui

VERKORTE STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE

Verkope
Bedryfswins
Resultate van geassosieerdes
Finansieringskoste
Beleggingsinkomste
WINS VOOR AANSPORINGSKORTING
Aansporingskorting
WINS VOOR BELASTING
Belasting
WINS NA BELASTING

Aansporingskorting
Dividende verklaar
Dividendkoers

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

Nie-bedryfsbates
Bedryfsbates
Totale bates
Aandelekapitaal
Reserwes
Totale ekwiteit
Minderheidsbelang
Nie-bedryfslaste
Bedryfslaste
Totale ekwiteit en laste

WINSGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT

Opbrengs op totale bates
Opbrengs op aandeelhoudersbelang
Bate omsetsnelheid (aantal keer)
Bedryfswins as % van inkomste

SOLVENSIE EN LIKIDITEIT

Eie kapitaalverhouding
Totale bates tot totale laste
Rentedekking (aantal keer)
Bedryfskapitaalverhouding
Vuurproefverhouding

Nota

Verhoudings is verwerk na 12 maande waar van toepassing.

Vanaf 1 April 2013 besit VKB 100% (voorheen 50%) van NTK en van daar die weselike styging in die 2014-syfers.

2013 12 mde R'm	2014 12 mde R'm	2015 12 mde R'm	2016 12 mde R'm	2017 12 mde R'm
-----------------------	-----------------------	-----------------------	-----------------------	-----------------------

3 038	7 311	7 822	9 488	10 957
180	326	390	489	365
(1)	5	7	14	(1)
(40)	(61)	(102)	(168)	(241)
29	10	6	11	9
168	279	300	346	132
(150)	(210)	(228)	(200)	(215)
18	69	73	146	(83)
5	62	(10)	4	39
23	131	63	150	(44)

150	210	228	200	215
	10	20	30	-
	1.40%	2.28%	2.88%	0.00%

676	892	1 094	1 581	1 898
1 778	2 553	3 103	4 261	4 439
2 455	3 445	4 197	5 842	6 337
954	1 213	1 382	1 525	1 665
52	182	228	371	207
1 007	1 395	1 610	1 896	1 871
(9)	(14)	(10)	92	68
230	313	375	386	704
1 227	1 751	2 222	3 468	3 694
2 455	3 445	4 197	5 842	6 337

8%	10%	10%	9%	6%
17%	20%	19%	18%	7%
1.53	3.03	2.18	1.90	1.75
6%	4%	5%	5%	3%

41%	41%	38%	32%	30%
1.68	1.67	1.62	1.52	1.44
5.23	5.57	3.93	3.06	1.55
1.45	1.46	1.40	1.23	1.20
1.18	1.11	1.02	0.84	0.88

Aansporingskortingsmodel bied talle voordele

Die VKB Groep het na etlike jare van uitsonderlike prestasies een van die moeilikste jare in sy geskiedenis beleef, sê Markus Mittermaier, finansiële direkteur.

Die groep sluit die jaar op 31 Maart 2017 af met 'n wins van R132 miljoen, voor aansporingskortings en belasting.

Ten spyte van die moeilike ekonomiese toestande het die gevestigde landboubesigheidseenhede net weer bewys dat dit die ruggraat van die VKB Groep bly.

Wat die tradisionele landboubesigheidseenhede betref, het die Vrystaat- en Limpopo-streke albei goed presteer en is dit veral die graandepartement wat weer getoon het dat

dit die kern van enige landboubesigheid in 'n saagebied bly.

Feitlik al die nywerhede het met verliese afgesluit, en dit is veral die hoenderbedryf en die nywerhede, wat afhanklik is van graankommoditeite, wat nadelig geraak is.

“VKB se eiesoortige aansporingskortingsbeleid maak van die besigheid 'n voorkeurverskaffer in ons bedieningsgebied. 'n Wesenlike deel van die jaar se verdienste uit die landboubesigheid is, soos in die verlede, as aansporingskortings gedurende die oorsigjaar aan ons kliente toegeken.

“Hoewel die korting van boer tot boer verskil, is daar die afgelope vyf jaar R1 003 miljoen se aansporingskortings verklaar. In die finansiële

jaar wat geëindig het op 31 Maart 2017, is R215 miljoen se aansporingskortings toegeedeel,” sê Mittermaier.

Die R215 miljoen-aansporingskortings is gebaseer op elke klant se ondersteuning en deelname aan bedrywighede die afgelope jaar.

Die aansporingskortings wat die boer ontvang, hang ook af met watter afdeling binne VKB Landbou hy sake gedoen het.

Die verdeling van die aansporingskortings per afdeling word hieronder uiteengesit.

“Ons is oortuig dat hierdie model steeds die mees doeltreffende waarde-ontsluitingsmeganisme is wat op 'n gebalanseerde basis die behoeftes van die maatskappy en sy kliente aanspreek,” sê Mittermaier.

Hy verduidelik die kortingsmodel as volg: As 'n boer by VKB aansluit, ontvang hy 5 000 aandele in die maatskappy teen R5 000.

Hierdie aandele kan nie verhandel word nie en bly in die boer se besit totdat hy te sterwe kom of totdat hy as lid van VKB bedank, waarna hy sy R5 000 terugkry.

Van die jaarlikse kortings word ongeveer 10% in kontant uitbetaal. Die oorblywende 90% word gebruik om vir die boer voorkeuraandele of skuldbriewe in die maatskappy uit te reik. Daardie voorkeuraandele of skuldbriewe is aflosbaar na 15 jaar.

“Dit beteken dat 'n boer vir homself 'n stewige neseier kan opbou deur met die maatskappy sake te doen,” sê hy.

AANSPORINGSKORTINGS

VKB

Aansporingskortings verklaar (Miljoen) Kontant %

2017
R 215
10%

2016
R 200
10%

Dividende verklaar (Miljoen) Dividendkoers %

R 0
0.00%

R 30
2.88%

GRAANLEWERINGS

R per ton gelewer

Mielies
Koring
Sonneblom
Sojabone
Graansorghum

R 46
R 69
R 99
R 71
R 91

R 54
R 100
R 182
R 71
R 92

GRAANBEMARKING

R per ton bemark

Bemark

R 78

R 33

KOMMERSIEËL

% van omset / premie / rente

Handel Gemiddelde % van omset
Meganisasie Gemiddelde % van omset
Insethandel Gemiddelde % van omset
Finansiering Gemiddelde % van rente betaal
Beleggings Gemiddelde % van rente ontvang
Versekering Gemiddelde % van premies betaal

3.24%
0.52%
1.65%
13.16%
7.11%
4.59%

5.04%
0.19%
2.28%
10.87%
7.12%
5.79%

Vaardigheidsontwikkeling in landbou is van kritieke belang vir Suid-Afrika se mededingendheid

Soos wat Afrika se bevolking groei, sal landbou een van die kernfaktore vir maatskaplike en voedselsekureit wees

Landbou bly 'n uiters belangrike sektor en 'n kernaandrywer vir ekonomiese groei en ontwikkeling op die Afrika-vasteland. Soos wat Afrika se bevolking groei, so groei die maatskaplike en ekonomiese verantwoordelikheid van die landbousektor. Ten einde hierdie verantwoordelikheid na te kom, moet die sektor homself voortdurend herontwerp om buigbaar, volhoubaar en mededingend te bly.

In die 2017 Afrika Mededingendheidsverslag word aangedui dat groei in verskeie Afrikalande stadig was en dat dit toegeskryf kan word aan 'n langdurige tydperk van lae kommoditeitspryse sowel as verminderde groei by opkomende markte soos China en gevorderde ekonomieë. Hierdie situasie het die kontinent egter verplig om te kyk na hervorming en ekonomiese diversifikasie om weer optimisme oor Afrika se groei-aspekte aan te wakker. Afrika se jong en groeiende bevolking bied ook 'n besondere geleentheid om vinnige groei te stimuleer. 'n Groeiende arbeidsmag en 'n groot opkomende verbruikersmark is noodsaaklik vir groeigeleenthede op die vasteland. Die verslag lui verder dat die werksouderdom-bevolking reg oor Afrika na verwagting teen 2035 tot 450 miljoen sal styg. Ten einde hierdie toename in die bevolking wat werksouderdom is aan te spreek, sal Afrikalande maniere moet vind om vir so 'n massa-aanvraag na werk voorsiening te maak en die aanbod-kant-faktore terselfdertyd te verbeter. Beleide wat gemik is op die verhoging van arbeidsaanvraag sal egter net suksesvol kan wees as die aanbod van vaardighede genoegsaam aangespreek word.

In Suid-Afrika, net soos op die res van die vasteland, sal die bevolking waaruit landbou vir die volgende paar geslagte werknemers sal moet trek, jonger as 30 jaar oud wees. Dit is dus belangrik dat die jeug van vandag en môre oor die vaardighede beskik wat hulle nodig sal hê om 'n mededingende en veerkragtige landbousektor te bou. Volgens die Afrika Mededingendheidsverslag sal meeste van die nuwe poste in Suid-Afrika uit landbou en mikro-ondernemings kom, en daarom is dit baie belangrik dat die besigheidsomgewing in hierdie sektore verbeter moet word. Op die oomblik is meer as 'n derde van hierdie jongmense onder 30 nie in diens nie en ook nie in enige opvoedings- of opleidingsinstansie nie. Daar is dus 'n dringende behoefte vir landbou om hierdie vaardigheidstekort proaktief aan te spreek en te help om kapasiteit te bou om die aspirasies van dié sektor en van die land se ekonomie te dien. In 2014 reeds het Jandre Janse van Rensburg in 'n meesterstesis die stelling ondersteun deur te sê werkloosheidsyfers is uitermate hoog en dat ekonomiese ontwikkeling as gevolg daarvan reeds belemmer word, wat die kwessie van menslike ontwikkeling 'n geldige bekommernis maak. Ontwikkeling in terme van globale mededingendheid is ook belangrik ten einde volhoubare



groeï in die Suid-Afrikaanse ekonomie te vestig. Volgens Nico Groenewald, die hoof van Agribesigheid by Standard Bank, het landbou 'n baie belangrike rol te speel in die groei van Afrika se ekonomieë, maar dit, voeg hy by, kan net ten volle bereik word deur vaardige en bekwame menslike kapitaal. Groenewald beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat vaardigheidsontwikkeling verder geneem moet word as net plase en agribesigheid. "Ons het beleidmakers nodig, wetmakers, tegnologiese spesialiste, belastingspesialiste en ekonome wat die landbou deur en deur verstaan," sê hy. Net soos met enige ander sektor lê landbou se sterkte in sy mensehulpbronne. Dit is daarom belangrik om te belê in die opbou van die kapasiteit van hierdie sektor se mensehulpbronne.

As deel van ons bydrae tot vaardigheidsontwikkeling in die sektor, het Standard Bank Suid-Afrika sedert 1981 'n handboek gepubliseer oor finansies en plaasbestuur. Die boek, wat gegrond is op beide konsep en teorie, word gesteun deur relevante, op-datum-voorbeelde en gevallestudies. Dit word deur groot tersiêre instellings in Suid-Afrika gebruik en is 'n waardevolle, praktiese gids vir landboubesigheidseienaars.

Die bank bied ook ontwikkelingsprogramme vir gegradueerdes om toekomstige leiers en spesialiste in die landbousektor te help bou. Hierdie programme stel jong gegradueerdes in staat om waardevolle vaardighede en ondervinding op te bou sodat hulle kan help om ons landbou te bevorder.

Vaardigheidsontwikkeling in landbou behoort gesien te word as meer as 'n belegging om die strategiese aspirasies van die sektor te dien. Ons moet 'n doelbewuste strategie vir vaardigheidsontwikkeling ontwikkel sodat ons die toegevoegde waarde tot die sektor tot sy maksimum kan uitbrei en ook vaardighede aan volgende geslagte kan oordra.

Van die plaas tot die meule



Kontantvloei-oplossings
wat by u behoeftes pas

Kom ons praat AgriBesigheid.

Ons AgriBesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business

Standard Bank Voluit Vorentoe™

Buffels

deur André W. Diederichs

Die toer deur die BESIGHEIDSOERWOUD gaan voort...

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word oor 15 uitgawes bespreek.

Die sesde sakeles wat bespreek word, is die belangrikheid om slim te werk en aanpasbaar te wees in 'n wêreld ekonomie en dit word verbind met buffels. Hoewel buffels in afsondering en in klein groepies leef, is daar ook groot troppe van meer as 1 000 buffels. Sterkte is getalle. Die status van die bulle word bepaal deur hul vegvaardigheid, terwyl koeie status verdien as hulle kalwers het. Buffels aan die buitekante van die trop is meer waaksaam en waarsku die trop as gevaar nader kom.

Buffels kan lewe in moerasse, oop graslande en woude in die grootste berge in Afrika. Buffels kom voor van die hoogste berge bo seespieël, tot areas op seevlak en verkies veral rietagtige en digbeboste areas wat skuiling bied.

Die Savanna-tipe buffels kan tussen 500 en 900 kg weeg, en bulle is swaarder as koeie. Hulle kan tot ongeveer 30 jaar lewe, maar bereik min dié ouderdom in die wildernis. 'n Buffel kan tot 57 km/h hardloop oor kort afstande.

Wat bepaal sukses in 'n sakeonderneming? Moet jy hard werk of slim te werk gaan, of kan aanpasbaarheid by 'n voortdurende veranderende sakeomgewing help om mededingendheid te skep? Kom ons steek kers op by die buffel.

Buffels is uiters aanpasbaar en kan oorleef in enige landskap – van oop graslande tot in die ruigtes van die Afrika-landskap. Die vraag is hoe aanpasbaar is jou sakeonderneming in 'n sakelandskap wat deurlopend verander? Maak jou sakeonderneming gebruik van die Japanese Kaizan-beginsel – uitbreiding deur middel van deurlopende vernuwing, soos byvoorbeeld die nastrewe van nuwe sakegeleenthede soos wat die marklandskap verander?

Die kernwaarde van die volhoubaarste familieonderneming in die geskiedenis, naamlik Kongo Kumi, is VISIE. Visie, gebaseer op voortdurende vernuwing, is die rede hoekom hierdie sakeonderneming 51 generasies kon oorleef.

Neem optiese vesel-kabels as voorbeeld – 'n tegnologie wat die marklandskap drasties verander het. Dit gebruik slegs 5% van die energie wat koper gebruik en kan soveel as 8 700 boodskappe gelyktydig hanteer. Koper daarenteen, wat tradisioneel vir kommunikasiekabels ingespan word, kan slegs 48 boodskappe gelyktydig dra.

Buffels vermy hitte en verkies die soel oggend- en nagure om te wei. Dit bring ons by die beginsel van ekonomie van poging (moeite) of soos sommige dit noem, eerder slim as hard werk. Terwyl hard werk 'n eerbare beginsel is, kan hard werk sonder slim werk onnodige energie verbruik, wat andersins meer kreatief in 'n sakeonderneming ingespan kan word.

Skerp sakelui fokus aktief op geleenthede wat die minimum inset vereis met die maksimum opbrengs. Somtyds is minder meer! Ons wil te veel doen en kan dikwels dan nie onderskeid tref tussen werklike winsgewende geleenthede nie.

Jy kan nie alles vir almal bied nie. Onthou: om jou aantrekking in die mark te vergroot moet jy jou fokus vernou. Vir voor die handliggende redes is dit baie beter om voorkeur te gee aan daardie geleenthede wat vir jou die beste opbrengs op jou harde sweet/arbeid kan bring.

Buffels wat bedreig word, sal proaktief ondersoek gaan instel na die bron van die bedreiging, eerder as wat die bedreiging op hulle toesak. Die trop in sy geheel sal voorts bedreigde buffels te hulp snel en daar is gevalle waar buffels selfs leeus in bome opgejaag het. Buffels is ook bekend vir hul teenaanvalle op bedreigings van jagdiere en selfs mense.

Met inagneming hiervan, behoort sakeondernemings hulself te vergewis van die bedrywighede van onder meer hul markmededingers en moet hulle soos buffels nader aan die aksie beweeg, om sodoende 'n duideliker beeld te kan vorm van hul mededingers se strategieë of modus operandi. Hoe beter jou insig van jou mededingers se strategie, hoe makliker sal jy 'n 'teenaanval' of bemarkingstrategie kan beraam.

In die lig van die groeiende wêreld ekonomie, behoort Suid-Afrikaanse sakeondernemings hulself ook te vergewis van globale strategieë, wat hulle plaaslik kan inspan, veral in die lig daarvan dat meer en meer mededingende produkte van oorsese lande ons land binnestroom en jou onderneming se markaandeel kan kannibaliseer.

So moet sakeondernemings byvoorbeeld, wanneer die regering handelsooreenkomste met ander lande sluit, die uitwerking daarvan op jou besondere industrie bestudeer en die nodige respons-strategie in werking stel. Moenie uit die oog verloor dat dit veel meer voordelig is om jou opposisie te ken as om bloot nie die moeite te doen om alles oor hulle uit te vind nie!



VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.



Die moderne boer staar talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture. Santam. Regte, egte versekering.**



175

CASE IH

AGRICULTURE



'N KRAGTIGE ERFENIS - ONS HELP BOERE OM DIE WÊRELD TE VOED.

Die Steiger en Quadtrac storie gaan meer as 'n halfeeu terug na 1963. Die wêreld hou aan om meer te eis van jou plaas. Meer kos. Meer graan. Meer brandstof. En dit alles op minder beskikbare grond. Case IH help jou om aan hierdie eise te voldoen met innoverende tegnologie gebore uit boere se werklike behoeftes. Met toerusting wat ongeëwenaarde krag en prestasie lewer, gebou met die wete dat jy maksimum produktiwiteit onder alle toestande benodig - en 'n operateur omgewing wat jou daardeur lei. Die Steiger reeks trekkers laat jou toe om te boer soos jy goeddink en maak seker jy's altyd gereed vir die uitdagings wat voorlê.



Die staal in jou strategie

Tel 011 9222 300 · Faks 011 9222 358
www.northmec.co.za · www.caseih.com



VKB Transmissie

hier om kliënte nóg meer te bied

Kom besoek VKB Meganisasie op Reitz en neem die gedaanteverwisseling waar wat daar plaasgevind het. Nie net is daar die nuwe Case-agentskap se heelgoedere nie, maar ook 'n splinternuwe afdeling, naamlik VKB Transmissie.

Dié afdeling vorm deel van die VKB Groep.

Die vraag is waarom?

Die behoefte bestaan al vir 'n geruime tyd vir 'n spesialisiteit in die verskaffing van alternatiewe produkte sowel as transmissie. Dit was dus logies dat met die toevoeging van al die nuwe nywerhede in die VKB Groep die lewensvatbaarheid van so 'n eenheid voor die hand liggend is.

Aangesien dit 'n baie kapitaal-intensiewe eenheid is, is daar besluit dat die wegspring in Reitz in die Meganisasie-afdeling sal wees. Aangesien daar 'n groot leemte was, is dit 'n groot taak om die volle spektrum van produkte sowel as die regte verskaffers daar te stel.

Mauritz van der Merwe, wat aan die stuur van die projek staan, is baie opgewonde oor die toevoeging. Daar is sekere aspekte wat van belang is by die verskaffing van alternatiewe onderdele.

Soos ons almal weet, word die grootste gedeelte van die goedere uit China ingevoer. Dit is dus noodsaaklik dat van betroubare verskaffers gebruik gemaak moet word in die bedryf.

Met die ondervinding van die span is daar oor die jare verskaffers geïdentifiseer wat aan dié vereistes voldoen. Die persepsie dat alternatiewe onderdele slegs na minderwaardige produkte verwys, is nie hier die geval nie. Daar is 'n A-reeks produkte en 'n B-reeks in die alternatiewe mark.

Alle produkte wat te doen het met transmissie en nog meer sal hanteer word by die eenheid. Daar word ook in die vooruitsig gestel dat met elektriese benodigdhede met verwysing na motors, ratkaste, skakelborde, kables en skakelaars, handel gedryf sal word. Hidroliese pype en koppelings is ook op die kortlys.

Uitdaging

Elke streek het sy eie behoeftes en daarom is die grootste uitdaging om te bepaal wat die verbruik van goedere in die spesifieke gebiede is. Tans is daar nie geskiedenis om so 'n bepaling te doen nie.

Die wêreldwye tendens is dat slegs 'n sekere hoeveelheid van sekere artikels per jaar vervaardig word op grond van die vorige jaar se bestellings. In Suid-Afrika word die grootste hoeveelheid goedere ingevoer met 'n wagtydperk van drie tot ses maande.

Daar is gevalle waar dit van oorsee af ingevlieg kan word indien voorraad beskikbaar is. Die punt van belang is dat daar in die toekoms meer werklike inligting beskikbaar sal wees van watter spesifieke items gebruik word sodat die proses op grond daarvan bestuur kan word. VKB is dan ook in die proses om 'n behoeftebepaling te doen van wat elke kliënt gebruik en ook die hoeveelhede wat nodig is sodat die behoefte aangespreek kan word.


Die gesegde van "as jy nie meet nie, weet jy nie" raak net meer en meer van kardinale belang om kompetender in die mark te bly. VKB is gefokus om 'n verhouding met sy kliënte daar te stel met die toevoeging van transmissie sodat daar 'n leemte in die verskaffingsketting aangespreek kan word.

Om die mandaat uit te voer is dit noodsaaklik dat daar 'n verhouding tussen die kliënt (boer) en die eenheid ontwikkel. Daarom wil die eenheid almal hartlik uitnooi om te kom kyk wat gedoen word en wat gedoen kán word.

Soos ons almal weet, word die speelveld in die landbou al hoe moeiliker en daar is geen vooruitsig dat dit gaan verander nie. Om staantyd te verreken in rand en sent is by enige bedryf van belang en op hierdie wyse wil VKB 'n positiewe rol speel ten opsigte van transmissie.

Die missie is dat daar 'n eenheid in die VKB Groep is wat tot voordeel van sy kliënte moet wees. As daar verwys word na voordeel, word aspekte soos diensvlakke en prys ingesluit.

Die span wat bestaan uit Alet, Waldo, Teboho en Joseph sal u graag wil ontmoet en tot diens



Produkte



Mauritz van der Merwe
087 358 8625
082 829 4993

Teboho Mokoena
087 358 8624
062 837 7621

Waldo van der Merwe
087 358 8626
082 824 9996

Alet Swan
087 358 8624



Laers	Bearings	Volle reeks
V-katrolle	Pulleys	Volle reeks
V-katrolbuste	Taper Bushes	Volle reeks
V-bande	V Belts	Volle reeks
Elektriese motors	Electric Motors	Volle reeks
Ratkaste	Gearboxes	Volle reeks
Ratte	Sprockets	Volle reeks
Boute & moere	Bolts & Nuts	Volle reeks
Borgringe	Circlips	Volle reeks
Rollerketting	Roller Chain	Volle reeks
Stroperkettings	Combine Chain	Volle reeks
Olieseëls	Oil Seals	Volle reeks
Affakaste	PTO's	Volle reeks
Laers/Bearings	Timken	
	FAG	
	NSK	
	SKF	
	NSR	
	Challenge	
	ISO	
Ratkaste	SEW Eurodrive	
Gearboxes	Bonfilioli	
	STM	
Elektriese motors	Siemens	
	WEG	
Electric motors	Bauer	
	Fenner	

NamTags

- White
- Yellow
- Orange
- Red
- Green
- Blue
- Pink

- Also available **Leadertags** in 16 colours Imported from Australia
- Fits the applicator perfectly, no jamming or tearing
- **Free Laser Printing done, should you buy any tags through an authorized dealer.**



Can be used with known eartag applicators. You only need a NamTag steelpin



SWAVET RSA (PTY) LTD

63 Design Boulevard, Northlands Deco Park
New Market Rd, Northriding, 2162
Tel: +27-11-704-7218
Fax: +27-11-704-7203
E-mail: sales@swavet.co.za

SWAVET (PTY) LTD

137 Stubel Street, Windhoek
Tel: +264-61-237356
E-mail: stock@swavet.com.na



Daar kom al hoe meer gevalle van diarree in lammers en kalwers voor waar kriptosporidiose as bydraende infeksie gediagnoseer word.

Kriptosporidiose word veroorsaak deur 'n protosoa van die genus *Cryptosporidium* en is gewoonlik 'n onopsigtelike infeksie in 'n groot verskeidenheid van diere, visse, reptiele en mense.

Daar mag ook kliniese gevalle voorkom deurdat letsels, veroorsaak deur die organisme, in die dermkanaal kan voorkom met gevolglike diarree. Hierdie besmetting kom veral voor in pasgebore diere en waar diere se immuunstelsel onderdruk is. Die besmetting is ook 'n soönose wat beteken dat die besmetting van diere na mense oorgedra kan word.

Cryptosporidium spp. is kleiner as koksidia en voltooi hulle lewensiklus in die dermkanaal se epiteelselle. In jong diere word die lewensiklus in drie tot vier dae voltooi en is korter as dié van koksidia.



dr. Faffa Malan, veeartskonsultant (dokfaffa@nashuacsp.co.za)

Kriptosporidiose

Hou tekens van kriptosporidiose dop om duisende rande se skade te voorkom

Epidemiologie

In diere kom die infeksie die algemeenste in kalwers voor, maar word ook gevind in varke, lammers, bokkies en immuunonderdrukte vulletjies. Uitbreke van kliniese siekte kom meestal voor gedurende die een tot vier weke ouderdom. Kalwers met diarree skei soveel as 10 miljoen oösiste (lyk soos baie klein eiertjies) per gram mis uit, wat die omgewing besmet. Hierdie oösiste word ook in die mis van diere wat subklinies (diere wys nie siektetekens nie) besmet is, gevind. Oösiste is baie weerstandig teen omgewingsfaktore, maar die oorlewingsperiode van die oösiste buite die gasheer is onbekend. Gechloriniseerde water het weinig effek op die organisme en kriptosporidiose is dan ook 'n groot publieke gesondheidsprobleem deurdat die parasiete wateroordraagbaar is. Onder eksperimentele toestande is die besmetlikheid verloor nadat water gestoor is vir ses maande by 4 °C.

Oordraging

Oordraging geskied deur die inname van oösiste in besmette kos of water terwyl aërosoloordraging ook kan plaasvind. Laasgenoemde is bevestig deurdat lugweginfeksies ook gevind is. Diere wat genoegsame gamma globulien bevattende kolostrum ingeneem het, behoort minder vatbaar vir infeksie te wees. Herstel van diere met kriptosporidiose vind gewoonlik binne 30 dae plaas. Daar is gevalle gerapporteer waar *Cryptosporidium* die enigste oorsaak was waar diere diarree gehad het, maar gewoonlik kom die parasiet saam met ander dermpatogene soos rotavirus, coronavirus, *Salmonella* serovars en *E. coli* voor. Hierdie gesamentlike infeksies verhoog die mortaliteitsyfer. Erge stresfaktore, soos byvoorbeeld koue, mag die vrektesyfer verhoog. Waar die immuniteit van diere onderdruk word, is die kliniese tekens, wat deur *Cryptosporidium* veroorsaak word, ook hoër. Erge infeksies is gerapporteer in Arabierperdvullens wat gelyk het



Diagnose en onderskeiding van ander siektes (differensiële diagnose)

Diagnose word gemaak wanneer daar baie oösisite in die mis van jong diere met kliniese tekens gevind word. Smere van die mis word gemaak, gefikseer in metanol en gekleur met die gemodifiseerde Ziehl-Neelsen- of safranienmetode. Monsters word van die dermkanaal geneem en na 'n laboratorium gestuur vir histologiese ondersoek. Dit is belangrik dat daar ook vir ander siekteveroorakende oorsake gesoek word (*E. coli*, rotavirus, coronavirus, salmonellose en koksidiöse) wat saam met *Cryptosporidium* kan voorkom.

Voorkoming en beheer

In meeste gevalle is die siekte selfbeperkend. Dit is belangrik om die besmetting simptomaties te behandel, veral vir dehidrasie en elektrolietvervanging waar erge diarree voorkom. Probleme geskied veral waar infeksies soos byvoorbeeld *E. coli* en *Salmonella*-tipes gelyktydig met *Cryptosporidium* voorkom. Daar is 'n publikasie waar decoquinate (Deccox 6%, Zoetis, G3282) vir die vermindering van oösisite in die mis van kalwers en lammers in die voer gebruik is teen 'n dosis van 2,5 mg/kg vir drie weke. Voorkom en verminder die inname van oösisite deur jong diere in 'n skoon, droë omgewing groot te maak. Mis moet gereeld verwyder word en diere met diarree moet geïsoleer word. Oösisite is weerstandig teen baie ontsmettingsmiddels maar kan vernietig word deur blootstelling aan 5% ammoniakoplossing of 10% formalien. Geen geregistreerde entstof is tans beskikbaar nie.

Bronne: J.A.W. Coetzer and R.C. Tustin. 2004. *Infectious Diseases of Livestock*. Oxford University Press. ISBN 0 19 576171 5

Bremner, B and Richard, A. "Practical uses of decoquinate to control cryptosporidiosis infection in suckled calves by medicating the cow diets pre and post calving in Scotland." Proceedings XXVI World Buiatrics Congress Chile: p 312

aan die immuniteittekortsindroom binne die eerste maand ná geboorte. Mense kan die siekte opdoen deur kontak te maak met besmette mense en diere en is 'n algemene oorsaak van diarree wanneer gereis word. Dit is nog nie duidelik of besmette mense diere kan aansteek nie.

Siekteverloop

Cryptosporidium-spesies het 'n aansienlike uitwerking op die membraangebode verteringsensiemes wat veroorsaak dat daar swak vertering van voedsel plaasvind. Swak opname van voedingstowwe vind plaas omdat die villi van die dermse grootte afneem. Behalwe in baie jong diere is die infeksie gewoonlik onopsigtelik of mild. Die inkubasiëperiode ná aanvanklike besmetting varieer gewoonlik twee tot sewe dae. Diarree kom voor tussen een en vier weke ouderdom en duur gewoonlik een tot vier weke lank. Aantastingsyfer is gewoonlik hoog, maar vrektesyfer laag. Die aanvang van kliniese siekte is gewoonlik skielik en tekens is min of meer dieselfde in al die spesies. Diere is depressief en wil nie vreet nie waarna daar 'n erge geel waterige diarree voorkom met ontwatering van die dier. Parsing mag voorkom. Na 'n paar dae wat die siekte verloop het, kom diarree met tussenposes voor. Die konsistens van die mis is nog papperig vir tot tien dae. Gewigsverlies is opmerklik. 'n Terugslag mag ook ná aanvanklike herstel voorkom. Varke mag opgooi. Meeste diere herstel spontaan behalwe waar komplikasies met ander besmettings, soos reeds hierbo genoem, gesamentlik voorkom. Erge kroniese besmetting kan in immuunonderdrukte diere voorkom.



Voermol aanbevelings vir skaapboerdery in die somerreënvalgebiede

VOERMOL

www.voermol.co.za

MENGSEL	ALTERNATIEF - KIES EEN VAN:	VOLVOER
AFRONDING VAN LAMMERS EN KRUIPVOEDING		
<p>670kg Graan, 80kg Voermol Melassemeel (V1995), 200kg Voermol SS 200 (V8592), 50kg Voermol Procon 33 (V12701).</p> <p>Inname: Weidings - 300 - 500g/dier/dag. Voerkraal - <i>ad lib.</i> plus ruvoer.</p> <p>Kruipvoeding vanaf 15 dae na lam; Verhoog Voermol Procon 33 (V12701) tot 100kg en verminder graan na 620kg.</p>	<p>Voermol Energieblok (V11456); Voermol Superlamkorrels (V17425).</p>	<p>200kg Voermol SS 200 (V8592), 650kg Graan, 150kg Lusernhooi.</p> <p>Inname: <i>ad lib.</i></p> <p>Vervang tot 80kg van graan met Voermol Melassemeel (V1995).</p>
PRIKKELVOEDING		
<p>200kg Graan, 250kg Voermol Maxiwol Konsentraat (V4985), 50kg Sout.</p> <p>Inname: Weidings - 250 - 300g/ooi/dag.</p>	<p>Voermol Energieblok (V11456); Voermol Superlamkorrels (V17425).</p>	
DRAGTIGE EN LAKTERENDE OOIE		
<p>200kg Graan, 250kg Voermol Maxiwol Konsentraat (V4985), 50kg Sout.</p> <p>Inname: Dragtige Ooie - 250 - 300g/ooi/dag. Lakterende Ooie - 300 - 500g/ooi/dag.</p>	<p>Voermol Maxiblok (V17424); Voermol Maxiwol Produksiekorrels (V15415).</p>	<p>400kg Graan, 150kg Voermol Maxiwol Konsentraat (V4985), 50kg Voermol Procon 33 (V12701), 400kg Lusern.</p> <p>Inname: Berperk inname van meerlingooie na lam tot 4.2 - 4.5% van liggaamsmassa/dag, Of vervang die Lusern met 900kg Kuilvoer nat Inname: Berperk tot 3 - 4kg/ooi/dag, Voermol Lamhokkorrels (V26843) Inname: Berperk inname van meerlingooie daaglik tot 4.2 - 4.5% van liggaamsmassa.</p>
DROË DIERE		
<p>800kg Maxiwol Konsentraat (V4985), 200kg Sout.</p> <p>Inname: - 150 - 200g/dier/dag.</p>	<p>Voermol Ekonolek (V11147); Voermol Proteïenblok (V10448); Voermol Super 18 (V355).</p>	<p>200kg Graan, 200kg Voermol Super 18 (V355), 600kg Ruvoer (kuilvoer nat 1700kg).</p> <p>Inname: <i>ad lib.</i></p>

Vir navrae kontak u Voermol agent.

(Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

Terwyl Voermol alles in sy vermoë gedoen het om die juistheid te verseker van hierdie inligting, is ons nie aanspreeklik vir enige foute wat moontlik onopsetlik ingesluit is nie.

January '17/Flow 68



VOERMOL

Die Voermol 3-fase beeslekprogram vir die sentrale en westelike gemengde - en soetveldgebiede

www.voermol.co.za

FASE	FASE 1. SOMER	FASE 2. WINTER	Fase 3. LAAT WINTER EN VROEË LENTE
Weiding	Groen veld.	Doodgerypte, droë gras en oesreste.	Droog, min gras en oesreste.
Voedingstekorte	Fosfor en spoorminerale.	Proteïen.	Proteïen en energie.
Tipe lek	Minerale - en spoormineralek.	Onderhoudslek.	Produkselek.
Tydperk	± 6 maande: Desember tot Mei.	± 4 maande: Junie tot September.	± 2 maande: Oktober tot November.
Koeie met somer kalwers	Opsies – Kies een van: 1. Voermol Superfos (V17422); 2. Meng 1 sak Voermol Rumevite 12P (V11994), 1 sak Voermol Super 18 (V355) en 1 sak sout; 3. Voermol Fosfaatblok (V10264).	Opsies – Kies een van: 1. Voermol super 18 (V355); 2. Voermol Premix 450 (V4676); 3. Voermol Hoëveldlek (V16150); 4. Voermol Rumevite Beesblok (V10932); 5. Meng graan en/of sout met Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737).	Opsies – Kies een van: 1. Voermol Produkselek (V10108). 2. Meng graan en/of sout met: Voermol Premix 450 (V4676); Voermol Hoëveldlek (V16150); Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737). (Sien Voermol produkhandleiding).
Verse, eerstekalfkoeie en koeie in swak kondisie	Voermol supermol (V7267), 21 dae voor dekseisoen en die eerste 42 dae van dekseisoen.	Opsies – Kies een van: 1. Voermol Ekonolek (V11147); 2. Voermol Proteïenblok (V10448); 3. Voermol Landelek (V15414) op oesreste.	Soos bo.
Uitgroei van speenkalwers	Voermol supermol (V7267) op groen veld en Voermol Molovite (V7266) op bemeeste aangeplante weiding.	Soos bo.	Soos bo.

Vir navrae kontak u Voermol agent.

(Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Malastone, 4380.

Terwyl Voermol alles in sy vermoë gedoen het om die juistheid te verseker van hierdie inligting, is ons nie aanspreeklik vir enige foute wat moontlik onopsetlik ingesluit is nie.

Januarie '17/Flow 68

Die padkaart vir die rooivleisbedryf



Alex Cilliers, hoof van GWK se vleishandel



'n Nuwe neiging is in rooivleisbemarking te bespeur wat dié bedryf noop om by verbruikersvoorkeure aan te pas. Mnr. Alex Cilliers, die hoof van GWK se vleishandel, sê die moderne verbruiker het nuwe behoeftes en die bedryf moet homself daarby aanpas. Die grootste verkoopneiging van rooivleis het na die kettinggroepe en die kleinhandel toe verskuif, teenoor die vroeëre bemarking hoofsaaklik deur groothandelaars.

Hy het op die Vrystaatse RPO-kongres in Bloemfontein gesê dit word hoofsaaklik teweeggebring oor die gemak en die voorkeure van verbruikers, asook 'n verandering in die verbruiker se inkooppatroon.

“Verbruikers het vroeër vleis meer gereedlik in grootmaat by slaghuise en kleiner supermarkte aangekoop, dikwels in 'n sporadiese patroon aan die einde van elke maand,” sê hy. “Nou sal die verbruiker daagliks sy vleisbehoefte by groot kettingwinkels uitoefen, en ons moet seker maak dat die bedryf daagliks karkasse kan verskaf, verpak en op die winkelrakke kry om seker te maak dat die verbruiker sy snitte kry wanneer hy of sy instap,” sê hy. Volgens Cilliers weet die hedendaagse verbruiker presies wat hy of sy wil hê en die voorkeure gaan onder meer met die gemak en die konstante lewering van hoogstaande gehalte gepaard.

“Sowat 60% van die verbruikers koop hul rooivleis by kettinggroepe aan. Ons kan nie die oprigting van vleisverwerkingsaanlegte bekostig en dan kan verbruikers nie hul voorkeursnitte daagliks op die winkelrakke teen stabiele prysvlakke aantref nie,” sê hy. – **Johan Norval**

Gerhard Schutte, HUB RPO



Die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf is 'n mededingende wêreldspeler in die verskaffing van rooivleisprodukte van hoë gehalte sowel as huide en velle vir die plaaslike mark. Die bedryf het 'n vryemark-waardeketting benadering en kommersiële en opkomende boere het gelyke toegang tot die waardeketting. Verder voldoen Suid-Afrikaanse rooivleis aan die plaaslike sowel as die internasionale

verbruiker se behoeftes.

Die rooivleisbedryf is nie net een van die top-15 bydraers tot die Bruto Nasionale Produk nie, dit toon ook vir die afgelope tien jaar 'n groei koers wat bokant inflasie is. Dit het 'n ingewikkelde waardeketting, terwyl die vraag na bees- en skaapvleis sterk groei.

Daar is 215 034 huishoudings in die land wat skape besit, 613 662 huishoudings wat beeste besit en 429 065 huishoudings wat bokke besit. Die bedryf se omsetysfers kan met 30% verhoog word weens die bydrae van die informele sektor. Die opkomende sektor lewer ook 'n baie groot bydrae tot voedsel- en inkomstesekeuriteit.

Die volgende bedryfsprioriteite word gesien as 'n padkaart vir die rooivleisbedryf:

- Produksie-ontwikkeling/kompeteerbaarheid
- Vleisveiligheid en verbruikersgemoedsrus
- Dieregesondheid, dierewelsyn en biosekuriteit
- 'n Bemagtigende produksie- en handelsomgewing
- Die bevordering van uitvoere en bestuur van invoere
- Die aanmoediging van openbare en privaat vennootskappe
- Verbruikersopvoeding

Wat die pad vorentoe betref, kan die plan net suksesvol wees as ingrype met behulp van 'n statutêre heffing in die bedryf gedoen word.

Tydens die nasionale RPO se laaste kongres is daar besluit dat die volgende funksies in terme van die statutêre heffing verrig moet word en dit is in lyn met die riglyne wat by die onlangse strategiese werkwinkel vir die rooivleisbedryf aanvaar is:

- Die vorming van uitstekende verhoudings met regeringsdepartemente wat 'n invloed op die rooivleiswaardeketting het.
- Ondersteuning van nasionale strukture wat geskep is om die rooivleisbedryf te ondersteun soos die Landbou-aksieplan en die Nasionale Ontwikkelingsplan.
- Ondersteuning van en samewerking met nasionale forums soos die Dieregesondheidsforum, die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum, die Landbouhandelsforum en die Predasiebestuursforum.
- Toegewyde en volhoubare pogings moet aangewend word vir optimale winsgewendheid in die waardeketting, gebaseer op vrymarkbeginsels en minimum inmenging.
- Versameling en verspreiding van bedryfsinligting.

Daar is voorgestel dat die Rooivleisbedryfsforum die volgende funksies sal hê:

- Bevordering, beskerming en toepassing van die regte en belange van sy lede en ondersteuning

of teenkanti teen enige wetgewing wat deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regerings of internasionale organisasies ten koste van die RMIF se lede ingestel kan word.

- Die bevordering en stimulering van produksie-ontwikkeling, verwerking en verbruikersopvoeding wat betref die vraag na rooivleis, afval, rooivleisprodukte en die rooivleisbedryf as 'n geheel.
- Die aanstelling van trustees op die Vleisbedryfstrust sowel as die Rooivleis Navorsing- en Ontwikkelingstrust.
- Die aanstelling van 'n direkteur om op enige maatskappye te dien wat gevorm mag word om dienste aan die rooivleisbedryf te verskaf.
- Nominasie van bedryfsvertegenwoordigers op die beplanningskomitees van Rooivleis Navorsing en Ontwikkeling SA.
- Goedkeuring en ondersteuning van die finansiering van diensverskaffers soos uiteengesit in die besigheidsplan wat aan die minister van Landbou, Bosbou en Visserye voorgelê en goedgekeur is wat betref die implementering van 'n staatsheffing soos voorsien in die gewysigde Landbouproduktebemarkingswet (Wet nr. 47) van 1966.
- Ondersteuning en inisiëring van uitvoeriniatiewe in die rooivleisbedryf.
- Ondersteuning en beïnvloeding van transformasie-iniatiewe van die opkomende sektor in belang van die hele waardeketting.
- Versameling en verspreiding van bedryfsinligting.

'n Statutêre heffing gebaseer op die beginsels van die huidige struktuur word ondersteun waar daar 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen algemene bedryfsake en eie sake. Algemene bedryfsake is skakeling, transformasie, verbruikersvertroue (insluitende vleisinspeksies), uitvoerbevordering, dieregesondheid, navorsing en nakoming (slegs indien dit absoluut noodsaaklik is en wanneer alle ander moontlikhede ontgin is). Eie sake vir die produsente is skakeling, transformasie, produksie-ontwikkeling, verbruikersopvoeding en dieregesondheid.

Die nuwe statutêre heffingsperiode tree in November 2018 in werking en sal van krag wees tot November 2022 indien dit gefinaliseer word.

Die nuwe funksies wat in terme van dié heffing gefinansier sal word, is die volgende:

- Dieregesondheid, dierewelsyn en biosekuriteit, byvoorbeeld brusellose en bek-en-klouseer.
- Vleisveiligheid en die regulatoriese omgewing, byvoorbeeld higiëne en inspeksie.
- Uitvoerbevordering, byvoorbeeld protokolle.

Die RPO voel sterk daarvoor dat die bedryf nie die staat se funksies finansier nie, maar dat die bedryf hande sal vat met die staat om toe te sien dat die werk gedoen word. 'n Sterk RPO is kritiek noodsaaklik om die hele proses te help bestuur. Die Vrystaat RPO speel 'n kardinale rol op provinsiale en nasionale vlak om dienste te lewer en beleid te bepaal. Die vooruitsigte vir die rooivleisbedryf is tans uiters rooskleurig. Die vraag na ons produk styg plaaslik en internasionaal. Die beesprodusenteprys is tans 25% hoër as 'n jaar gelede, terwyl die skaapprodusenteprys 20% hoër is as 'n jaar gelede. Verder begin rooivleisuitvoere ook om op 'n redelike skaal te realiseer.

Danie Odendaal, direkteur van Veeartsnetwerk



Veeboere wie se kuddes getoets en vry van 'n siekte is, of waar die siekte doeltreffend deur middel van 'n siektevoorkomingsplan bestuur word, moet uitgewys en bevoordeel word.

Dit is dr. Danie Odendaal, direkteur van Veeartsnetwerk, se oplossing om diersiektes voorkomend te behandel ná die wye voorkoms van insekoorgedraagde virussiektes soos bloutong by skape en knopvelsiekte in die geval van vleisbeeste die afgelope reëntyd.

Odendaal het op die provinsiale RPO-kongres in Bloemfontein voorgestel dat produsente wat die gesondheidstatus van hul kuddes op die hart dra eerder beloon moet word deur hulle by medeboere aan te beveel. Sy siekterapporteringstelsel is 'n private inisiatief wat deur veeartse in werking gestel is ná die slenkalkoors-epidemie in 2010, omdat daar nie 'n vroeë-waarskuwingstelsel in plek was nie.

Slenkalkoors het reg deur die sentrale dele versprei, sonder enige gekoördineerde stappe om die epidemie te stuit.

“Die voorsiening van kuddegesondheidsdienste word gebou rondom die identifisering van die belangrikste siektes of toestande wat produksie binne 'n bepaalde omgewing beperk,” sê hy.

Sy strewing is die voorkoming van produksieverlies en vrektes deur beplande siektebeheer op 'n kuddebasis, met die hulp van kuddeveeartse.

Siekterapportering word maandeliks gedoen deur ongeveer 130 veeartspraktyke wat deur die land veegesondheidsdienste lewer.

Insekoorgedraagde bloutong het in die somer van 2016-2017 in die volgende distrikte voorgekom:

Balfour, Bethal, Delmas, Ermelo, Grootvlei, Middelburg, Nelspruit, Piet Retief, Standerton, Volksrust, Bapsfontein, Bronkhorstspuit, Magaliesburg, Pretoria, Mokopane, Polokwane, Brits, Christiana, Klerksdorp, Leeudoringstad, Lichtenburg, Ventersdorp, Rustenburg, Bethlehem, Bloemfontein, Bothaville, Bultfontein, Clocolan, Ficksburg, Frankfort, Harrismith, Hertzogville, Hoopstad, Kroonstad, Ladybrand/Excelsior, Memel, Parys, Reitz, Senekal, Smithfield, Viljoenskroon, Villiers, Vrede, Wesselsbron, Winburg, Zastron, Bergville, Dundee, Estcourt, Kokstad, Mooirivier, Newcastle, Pietermaritzburg, Underberg, Vryheid, Aliwal-Noord, Graaff-Reinet, Humansdorp, Jerffreysbaai, Queenstown, Caledon, Heidelberg, Malmesbury, Montagu, Colesberg, De Aar, Kimberley en Upington.

In die geval van knopvelsiekte was die voorkoms in dieselfde tydperk in die distrikte Balfour, Bethal, Delmas, Ermelo, Grootvlei, Malalane, Nelspruit, Piet Retief, Volksrust, Bapsfontein, Bronkhorstspuit, Krugersdorp, Magaliesburg, Nigel, Pretoria, Lephalele, Makhado, Modimolle, Polokwane, Tzaneen, Brits, Christiana, Klerksdorp, Leeudoringstad, Lichtenburg, Rustenburg, Schweizer-Reneke, Stella, Ventersdorp, Vryburg, Bloemfontein, Bothaville, Bultfontein, Clocolan, Ficksburg, Frankfort, Hertzogville, Hoopstad, Kroonstad, Ladybrand/Excelsior, Parys, Reitz, Senekal, Smithfield, Viljoenskroon, Villiers, Vrede, Wesselsbron, Winburg, Zastron, Bergville, Dundee, Estcourt, Mtubatuba, Newcastle, Pietermaritzburg, Pongola, Vryheid, Underberg, Vryheid, Aliwal-Noord, Middelburg, Malmesbury, Riversdal, Colesberg, De Aar, Kimberley en Philipstown.


Lede van die Vrystaatse RPO gaan oor die volgende twee maande hul entstofbehoefte vir die bestryding van knopvelsiekte by beeste en bloutongentstof vir skape koördineer.

Die Veeartsnetwerk sal ook die RPO se kommunikasiekanaal en logistieke vermoë in die tydperk toets om so 'n projek te kan uitvoer. – **Johan Norval**



VKB as hoofborg

Andre Duvenhage, politieke ontleder van die Noordwes-Universiteit



'Georganiseerde landbou versak boer'

Die georganiseerde landbou doen nie genoeg om te midde van die heersende groter politieke en staatkundige krisis in Suid-Afrika die saak van die boer op die hoogste vlak te beding nie.

Prof. Andre Duvenhage, 'n politieke ontleder van die Noordwes-Universiteit, sê Suid-Afrika bevind homself in 'n dinamies veranderende wêreld wat die Suid-Afrikaanse politieke omgewing en

die lewe van elke landsburger raak.

Duvenhage het op die jaarkongres van die Vrystaatse Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) in Bloemfontein gevra of die georganiseerde landboustrukture daarin slaag om die eise van grondvlak af na die hoogste vlak oor te dra.

"Boere moet ook soos die res van die burgers hulself van die spelreëls vergewis om behoorlik vir toekomstige produksie te kan beplan," sê hy. "Die landbou-omgewing in die algemeen kom te staan voor groot uitdagings wat onsekerheid ten opsigte van beleid en die toepassing daarvan teweeg bring."

Van die faktore wat die politieke dinamika raak en na verwagting teen die einde van die jaar 'n hoogtepunt

bereik, is 'n maatskaplike omgewing wat geweldig onstabiel is. Hy verwys na die uitsprake van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede wat bevind het dat sowat 500 000 mense sedert 1994 vermoor is. Bydraende faktore is ook verswakende staatkundige strukture, asook 'n verswakkende politieke ekonomie wat reeds rommelstatus bereik het.

"Die woelinge in die ANC gaan die heil van al die sektore bepaal. Die tyd is ryp dat ons moet optree en handel, want eintlik is daar baie min wat gedoen word om die belange van produsente te bevorder."

Volgens Duvenhage probeer die boerderybedryf kompromieë sluit waar daar eintlik nie meer kompromieë gesluit kan word nie. "As ons nie self iets aan ons eie situasie kan doen nie, gaan niemand iets verrig nie."

"Dit is 'n oomblik van waarheid: Ons moet besluit hoe gaan ons wat, wanneer en waar doen." – **Johan Norval**



Oud-voorsitters: Nick Steyn, André Ferreira, Nelius Ferreira (huidig) Prof. A. Duvenhage (spreker) en Neels de Villiers

90%+ DRAGTIG! KOEIE IN 'N PUIK KONDISIE

Afgesien van die afgelope klompie droë jare, het die toediening van die winterlek, Dryveld 46, beslis bygedra tot ons sukses.

Dankie Molatek! — Anette Wege, Kroonstad, Vrystaat.



DRYVELD 46

Dryveld 46 is 'n melasse-gebaseerde proteïen aanvulling op droëveld wat ruvoerinnamte stimuleer en sodoende wintermassaverliese beperk. Die lek aanvulling lei tot verhoogde konsepisie en kalfpersentasies en is geskik as onderhoudslek vir droë sowel as lakterende diere. Gemeng met graan, kan Dryveld 46 ook as produksielek aangewend word. Boonop help die lek om droë galsiek te voorkom. Kyk dus uit vir die **GROOT 46** vir verbeterde prestasie en 'n winterlek wat werk!



Vir meer inligting oor spesifieke voere en dienste, kontak: **MOLATEK**: +27(0)31 791-1036 | www.molatek.co.za | **RCL FOODS**: www.rclfoods.com
Dryveld 46 (V20820) (Wet 36 van 1947)

Red Energy

werk saam met die son in plaas van teen hom

Ons sit lugversorgers aan in die somer, terwyl elemente steeds ons water warm maak.

Ons weier om sonbrandroom aan te smeer, maar dring aan op verwarmers in die winter.

Ongemak in die somer en 'n hoë elektrisiteitsrekening in die winter – dis die simptome van iemand wat teen die son baklei. En raai wie wen hierdie geveg?

Hy brand jou seer en laat jou sweet, maar dis omdat jy nie van beter weet...


Sonkrag het goedkoop geword, Eskom het duur geword.

Sonkrag is die “prys vasmaak” wat jy benodig om jou te beskerm teen die definitiewe, permanente styging in Eskom-tariewe. 'n Sonpomp betaal homself binne vier jaar, dan het die panele 'n 25-jaar-werkverrigtingswaarborg.

In meeste gevalle kos lynaansluitings meer in 12 maande as 'n sonkragdompelpomp. Sommige lynaansluitings word betaal net sodat die pomp daar eenkant kan staan en pomp. Lynaansluitings beloop 'n minimum van R1 300 per maand.

'n Standaard kragopwerker se brandstofrekening oor slegs 'n paar maande kan meer uitwerk as 'n nuwe sonkragdompelpomp. Wanneer 'n toestel elke dag moet loop, werk sonkrag baie goedkoper uit as brandstof. Kragopwekkers is bedoel vir bystand en is nie 'n permanente oplossing nie.

Een diens van 'n windpomp kos net soveel soos 'n volledige nuwe sonkragdompelpomp. En die wind is nie bestendig nie – met die son is jy gewaarborg dat hy byna elke dag goed gaan skyn.



So lyk die terugbetaling van 'n 0,75 kW pomp wat jy na sonkrag kan omskakel teen R24 900 (Fig. 1):

Eskom se tarief styg, so jou besparing styg elke jaar. Teen Jaar 10 het die stelsel homself al vier keer betaal.

Red Energy kan enige nuwe of bestaande motor van enige grootte tot 600 kW met sonkrag aandryf en gebruik

standaard 220 V en 380 V dompelpompe. Dit beteken as die motor ophou werk, kan jy hom vervang met 'n motor wat jy by VKB/NTK kan kry. Alle motors en pompe pas op mekaar – jy sal nooit gestrand wees nie. 220 V en 380 V beteken jy kan hom nog steeds van die kragopwekker of van Eskom af hardloop as die son 'n bietjie flou is.

Jy kan jou Auger van sonkrag af hardloop, en wanneer die Auger stil staan, kan jy pomp – en wanneer albei stil staan kan jy krag in die netwerk instoot om die Eskom-verbruik te verminder op die res van jou plaas.

Red Energy se VSD beskerm jou motor. Hy sal afskakel wanneer hy droog loop, automaties later weer probeer. As klippies die pomp verstop, sal die motor nie uitbrand nie. As daar 'n skeur in die kabel se isolasie is, sal die foutboodskap dit met jou kommunikeer. 34 foutboodskappe beteken jy weet presies waar die fout lê.

Red Energy se boorgatpompe het geen beperkings nie: 400 m maksimum kophoogte en 2 miljoen liter per dag maksimum lewering.

Red Energy het ontstaan in 2008. Hulle het elke sonpomp op die mark getoets en gebruik, en dis juis daarom dat hulle beseft het daar is 'n behoefte aan 'n bekostigbare stelsel wat selfs 'n bestaande pomp kan dryf.

Om geld te bespaar is so goed soos om geld te maak. Ons besigheid bestaan om jou besigheid meer winsgewend te maak.


Kontak Red Energy vandag nog.



Volledige Sonkrag Boorgatpomp



H(m)



Included in Kit: Wilo Borehole Pump; Plug & Play Control Box, Solar Panels, Solar Cable from Solar Panels to Control Box. Control Box includes: Red Energy VSD, DC Circuit Breaker, AC Circuit Breaker, 30A 1000V Photo Voltaic Fuse; 1000V 35A Fuse Holder. Built-in MC4 Connectors, IP67 Connector for Submersible Cable, IP67 Connector for Generator, Toggle Switch. Earth Spike; 6mm Earth Green/Yellow; Splicing Kit MX1. **x 1000 L / day**

Skakel Bestaande Pomp na Sonkrag



Existing Pump	Kit Cost
0.37 kW (1P only)	R 16 000
0.55 kW (1P only)	R 19 500
0.75 kW	R 24 900
1.1 kW	R 36 000
1.5 kW	R 43 000
2.2 kW	R 60 000
3 kW	R 77 000
4 kW	R 85 000
5.5 kW	R 115 000
7.5 kW	R 160 000
11 kW	R 255 000
15 kW	R 320 000



**Nou beskikbaar deur
jou naaste VKB & NTK.
Vir navra kontak Johan
by 082 944 7717**



deur Suzette Smalberger, agronoom, VKB Landbou-ontwikkeling

Bewaringslandbou

die holistiese benadering tot volhoubaarheid

Bewaringslandbou word gesien as 'n holistiese benadering tot graan- en diereproduksie wat fokus op die opbou en behoud van grond en die verhoging van langtermyn winsgewendheid. Die grond moet herstel van dekades se agteruitgang as gevolg van intensiewe en deurlopende grondbewerking. Simptome van 'n grond wat onder druk is, sluit in lae grondvrugbaarheid, lae opbrengste, min of te veel vog, verdigtingslae, onkruiddruk asook wind- en watererosie. Die oorsaak van bogenoemde simptome is swak mikrobediversiteit en lae grondorganiese materiaal as gevolg van monokultuurgewasproduksie en grondbewerking.

Die doel van bewaringslandbou is om die grond te beskerm deur dit so min as moontlik te versteur, terwyl dit terselfdertyd opgebou word deur gewasdiversiteit, biomassa-produksie en lewendige wortels deur die jaar. 'n Massa lewendige plante, dwarsdeur die jaar, het 'n verhoging in organiese materiaal/koolstof in die grond tot gevolg. Grondkoolstof verbeter grondstruktuur, infiltrasievermoë, waterhouvermoë, grondvrugbaarheid en grondgesondheid. Hierdie aspekte is nodig om reënval-effektiwiteit te verkry.

Reën moet so effektief moontlik omgesit word in biomassa (lewendige plante) sodat dit nie uitloog, verdamp of deur afloop verlore raak nie. Die lewendige plante dien dan ook verder as grondbedekking, onderhou grondmikrobe-lewe en verskaf veevoer. Bewaringslandbou het dus die opbou van organiese koolstof en die effektiewe benutting van reënval tot gevolg.

Dekgewasse in 'n bewaringslandboustelsel laat die boer toe om vee in die stelsel in te bring. Diere help met die hersirkulasie van plantmateriaal en gee dan weer voedingstowwe terug aan die grond. Bewaringslandbou, as 'n geheel, verhoog die plaas se veerkragtigheid om omgewingsdruk te hanteer en uiteindelik effektiewe waterbenutting en voedselsekureit te verseker.

Ander dele van die wêreld het reeds dertig tot veertig jaar terug die probleem van grondagteruitgang opgemerk en verskillende tipes praktyke begin toepas om grondverlies te bekamp. Geenbewerking is aanvanklik toegepas en is later uitgebrei na bewaringslandboupraktyke. Suid-Amerika het tans reeds 80% van sy akkerbou-oppervlakte na bewaringslandbou oorgeskakel, Australië en Nieu-Zeeland beide 36% en Noord-Amerika 24% van sy produksie-areas. Afrika se ooreenstemmende syfer is slegs 0,9%. In Suid-Afrika wissel dit van 70% in die Wes-Kaap, 60% in KwaZulu-Natal, 30% in Mpumalanga terwyl die ooreenstemmende syfer vir die Oos-Vrystaat en die res van die land minder as 5% is (Blignaut et al., 2015).

Produsente in die Oos-Vrystaat het die grond en veral reënval om met gemak oor te skakel na bewaringslandboupraktyke. Suksesvolle bewaringslandbouprodusente in die VKB-area pas die volgende vyf beginsels toe:

Min of geen grondversteuring

Meganiese bewerking lei tot die vernietiging van grondstruktuur, verlaag waterinfiltrasie, vernietig organiese materiaal, verhoog onkruidruk en verhoog erosie.

Bedek grond ten alle tye met gewasse of stoppels

Dit verlaag verdamping, verhoog waterinfiltrasie, bekamp winderosie, beskerm grond teen kompaksie en temperatuurskommelings, onderdruk onkruid, en word omgeskakel na organiese materiaal!

Biodiversiteit / Wisselbou

Dit gee 'n gebalanseerde dieet vir mikro-organismes, elke plant het 'n unieke uitskeiding wat 'n spesifieke groep mikrobies benodig. Diversiteit bo die grond = diversiteit onder grond.

Lewendige wortels 24/7 of langtermyn gewasse

Verskillende worteldieptes, verskillende fisiologiese prosesse. Wortelrisosfeer (die 1-2 cm om die plantwortel) maak 'n groot impak op grondstruktuur, want meeste van die voedingsuitruiling vind hier plaas.

Diere

Skakel plantmateriaal om in mis en urine. Hoewe onder drukkeweiding vermeng materiaal met grond. Diere oor 'n lang tyd in lande veroorsaak kompaksie, maar as daar 'n deklaag van organiese materiaal op die grond is en diere net vir 'n kort tydjie (van 'n uur tot 'n dag lank) op die land is, vermeng dit net die oppervlakmateriaal met die grond en speel kompaksie nie meer 'n rol nie. Diere skakel dekgewasse om in GELD!

Verwysing: Blignaut et al. 2015. *Promoting and advancing the uptake of sustainable, regenerative, conservation agricultural practices in South Africa with a specific focus on dryland maize and extensive beef production. Asset research, booklet nr 2. Pretoria: ASSET Research*



Permanente deklaag en gewasrotasie



Tussengewas-aanplantings



Maksimum gewas-diversiteit



Diere as deel van 'n bewaringslandboustelsel



Ons moet ons visie/prentjie van landbou verander van 'n oop stuk land met kaal grond na 'n land met permanente deklaag, biodiversiteit en lewende wortels so lank as moontlik in die grond. Omdat daar nie veel inligting in verband met bewaringslandbou in Suid-Afrika beskikbaar is nie, moet produsente eksperimenteer en inligting deel.

BEWARINGSLANDBOU BOEREDAG 2017

Die rol van dekgewasse en vee-integrasie as deel van
bewaringslandbou en volhoubare gewasproduksie in
die Vrede-area

24 Augustus 2017

09:00 - 09:30

Ascent Graansilo

09:30	Verwelkoming en opening
09:45-12:30	Tegniese aanbiedings en gesprek Ligte verversings
13:00-15:00	Besoek aan dekgewasse en weidingstelsels
15:00-16:00	Laat middagete
16:00	Vertrek

Kontak Salome Davel vir volledige program




vkb



RSVP: Salome Davel (VKB) voor 14 Augustus 2017
E-pos: SALOMED@vkb.co.za; Sel: 0724677225 Registrasiefooi R100

Thato Moagi



young female farmer on the rise

Almost a year ago an article was published in *Die Pad Saam* about a young female farmer with passion. It is now evident that Thato Moagi has more than just passion; she has insight, perseverance and a drive to succeed. To top it all she is not scared of hard work. But she has a vision to empower other farmers for a nation to succeed. She has what it takes. Recently Francois Froneman, Braam Crots and Patience Ntloko paid a courtesy visit to Thato to wish her well on her scholarship with Nuffield International and to hear more about Rusero Incubation Farm. After meeting her farther, it is easy to see where Thato gets her intellect from. He is a successful businessman with a bright vision for the future. Thato works together with Shaun Cawood on a dream he started in Mozambique a few years ago. In short it entails the involvement of small-scale farmers by educating them and leading them to becoming successful commercial farmers through collective bargaining and marketing. This may sound like many other programs already in place, but it is in fact quite unique with the emphasis falling on training and then selecting only farmers with potential. No government subsidising is utilised but they do work closely with the Department of Agriculture. Rusero has two main focus areas at this stage, one being

in the Free State and the other in Limpopo. It is therefore obvious that they have much in common with VKB. Further discussions will be held once Thato is back from her Nuffield scholarship.

The Nuffield scholarship is truly a great achievement for Thato. She is the first South African to be awarded with this international scholarship. This has opened many doors for her and will continue to do so in future. They work closely with Rabobank, an international bank in agriculture with its headquarters in Australia. Nuffield has direct access to global markets and with the connections it will be much easier for Thato to get involved in world agricultural markets. The project of Thato and Shaun is one that spells success. Every last detail has already been worked out and planned and will start any day. If you listen to the enthusiasm of them, it will definitely be a huge success.

Francois Froneman congratulated Thato on an impressive achievement. He gave a briefing on NTK/VKB and also the road ahead for the company. He outlined how the two organizations can perhaps meet along the way and wished them both all the success for the future.

It is truly inspiring to meet young farmers with such vision for the future.

More on Thato Moagi and her vision in coming months.



Francois Froneman, Mthabiseng Makhura (Intern at Legae La Banareng Farms), Patience Ntloko, Braam Crots, Thato Moagi and Shaun Cawood had a fruitful discussion on farming and Thato's road ahead.

For Japie and Martha Mosomane success comes with hard work



Every farmer knows that farming has many challenges. But with hard work, experience and the Grace of God, it is the most satisfying job there can be. That is the case with Japie and Martha Mosomane.

Delene Snyman and Levy

Malemela of NTK visited them on their farm to hear their story of humble beginnings.

When Japie Mosomane worked for Mr. Hendrik Michau on his farm in Tuinplaas, he did more than just do what he was told; he took notice and learned the tricks of the trade from his employer. He quickly learned that you have to do things the right way to succeed. But he also grew to love the land and the fruit it bear.

Japie followed in his father's footsteps by becoming a farm worker. He went to the farm school and worked over weekends on the farm. At the age of 15 he left school to work fulltime on the farm. He left the farm to work as a gardener in the then called Verwoerdburgstad, but came back to Tuinplaas to open a swap shop.

In 2012 Japie became very sick and the doctors feared for his life, but after three months he was back on his feet and ready to become a farmer.

He bought two tractors and all that he needed was land to plant on. This he got through the Department of Agriculture at Towoomba. He is leasing the farm from a group of

people that got the farm in a land claim but they did not farm on it. Japie's sunflowers are the best in the region and he is rightfully proud of his hard labour.

Japie had the support of his wife, Martha. She was a teacher for many years. After she retired they used the money to start farming.

This was not enough and that is where NTK came into the picture. Levy Malemela from NTK Finance Department, came to know Japie and saw the potential as well as the drive to succeed in Japie. NTK granted production credit to Japie and that made everything possible and so much easier.

Japie was able to buy implements and a bakkie. He even bought a small scrambler motorbike for the grandchildren. They are only allowed to drive on the farm. Japie says they think they are playing but they are actually working because they chase the pigeons away with the noise!

Although he has six people working for him, Japie is always on the farm. Their house is in Skilpadfontein near Tuinplaas, but Japie and Martha stay on the farm to watch over everything. Japie gets up at night to check on his sunflowers. He is as passionate about it as he is dedicated.

Another thing that is to his advantage is the fact that he learned how to fix his own implements. But Japie is not scared to ask for advice. He calls Hennie Michau if he is uncertain and Hennie helps him with harvesting. He also listens to advice of Levy. Levy was the one who warned him about the army worm on his small patch of maize. Together they ensured that he had no loss on his maize.

Although the farm he is leasing has good soil, there are many challenges on the farm. There is no electricity which makes it difficult and there is no room for expansion. But Japie always makes a plan and is already negotiating with Towoomba for additional land. He wants to go big.

Japie is grateful to NTK for the financial assistance but also for the good service he gets from the branches. He buys most of his stuff from Johnny Erasmus at Settlers. He sees to it that diesel is delivered to the farm and that Japie gets what he needs in time. Japie is full of praise for Levy, Johnny and his team.

Japie Mosomane dreams of owning his own farm, but the fact that he does not own it yet, will not derail him from being a farmer – the only job he loves. He uses the knowledge and experience he gained as a farm worker, and with the help and support of NTK, he has a very good yield and is positive about the future.

Japie and Martha attend church every Sunday to pray for God's blessing on their hard work. They believe that without the Grace of God, no farmer will survive.



Levy Malemela of NTK Finance



Japie is proud of his sunflowers.



He owns his own equipment.



Japie is also a good mechanic.





Sekere beginsels by die keuse van sojaboonkultivars:

Leier-boere met ervaring weet hoe om sekere beginsels by die keuse van sojaboonkultivars in ag te neem, maar 'n mens hoor steeds dikwels die versugting: “Sodra ek die wenner van die kultivarstrookproef plant, dan misluk hy klaaglik.” Menige boer sal daarmee kan identifiseer.

Dit word ook in 'n ander vorm by kultivarboeredae gehoor wanneer sekere wenner-kultivars uitgewys en bespreek word. Boere mor dan soms onderlangs dat hulle hierdie bepaalde kultivar al probeer het en hy beslis nie so goed is soos wat deur die woordvoerder beweerd word nie.

Die vraag ontstaan onwillekeurig of daar leuens vertel word en indien nie, of die boer uitgelewer is aan die opskiet van 'n muntstuk wanneer kultivars gekies moet word. Daar kan verskeie redes vir die teenstrydighede wees, maar die antwoord lê oorwegend op 'n eenvoudige fundamentele vlak en hierdie artikel sal dit aan die hand

van navorsingsresultate in VKB se gebied in die Noordoos-Vrystaat bespreek.

Die sojaboonplant is 'n fotoperiodiese gewas wat beteken dat dit op dagliglengte reageer tydens ontwikkeling. Dit is spesifiek die oorgaan tot blomvorming en dus oorgaan tot die reprodusiewe fase tydens die lewensiklus wat deur 'n spesifieke donker periode (dagliglengte) geïnisieer word. Hierdie verskynsel beïnvloed die lengte van die groeiperiode van die plant en is dus 'n baie belangrike faktor vir opbrengsbepaling. As water en temperatuur gunstig is, sal 'n groter plant (blaarfabriek) wat vir die langste tydperk sonlig kan onderskep (graanvulperiode), lei tot die hoogste graanproduksievermoë.

Dagliglengte verander deur die jaar volgens 'n konstante en voorspelbare tempo en nie soos ander klimaatsfaktore (temperatuur en reënval) wat onvoorspelbaar varieer nie. Kultivarkeuse (groeiklas) kan so gedoen word dat die twee opbrengsbepalende faktore, naamlik blaarfabriekgrootte en graanvulperiode, geoptimaliseer word. Plantdatum is onlosmaaklik deel van hierdie optimalisering omdat die dagliglengtepatroon vir die res van die seisoen hieraan gekoppel is. Groeiklasse moet dus so gekies word dat dit inpas by die plantdatum wat gebruik word. Plantdatum is ongelukkig nie 'n gegewe nie, maar varieer afhangende van hoe die reën val. Dit is dus noodsaaklik om aanpassings te kan maak in terme van die groeiklas wat geplant gaan word, of anders moet 'n groeiklas so gekies word dat dit die minste deur variërende plantdatums beïnvloed sal word.

Drie verskillende groeiklaskultivars is gedurende die 2016/2017-seisoen met twee verskillende plantdatums in statistiese proewe onder kommersiële toestande geplant. Die boer se kommersiële kultivar is ook telkemale vir interessantheid ingesluit. Die blou kurwe in Figuur 1 stel die verandering in dagliglengte voor soos wat dit vir Reitz bepaal is. Teen 15 September is die dagliglengte ongeveer

plantdatum en groeiklas

deur Robert Steynberg en Jacques van Zyl




12 uur per dag en dit vermeerder tot byna 14 uur teen 22 Desember waarna die dae weer korter word.

Figuur 1 stel ook die morfologiese ontwikkeling van vier verskillende sojaboongroeiklasse voor wat vroeg geplant is en ook 5,5 weke later. Die laat plantdatum (eerste week van Desember) is tipies van die datums wat die afgelope twee jaar gebruik is vir die aanplant van sojabone in VKB se produksiegebied. Die eerste jaar was dit as gevolg van droogte en die tweede jaar was dit as gevolg van te veel reën tydens normale planttyd.



Groeifase R1 verwys na begin blomvorming, R5 na begin pitvulling en R8 verwys na fisiologiese rypwording. Die periode vanaf opkoms tot R1 (syfers stel weke voor) is belangrik omdat dit die periode is waartydens die plant 'n raamwerk moet bou voor graanproduksie begin. Die periode R5 tot R8 verwys na die belangrike periode van graanvulling wanneer die eerste pitte begin vorm totdat al die peule fisiologies ryp is. Dit is uit Figuur 1 duidelik dat 'n 5,5 weke vertraging in plantdatum nie 'n dienooreenkomstige vertraging in fisiologiese rypwording het nie. Teen die einde van die seisoen was daar 'n vertraging van slegs drie weke soos wat die fotoperiodiese effek gehelp het om die agterstand as gevolg van vertraagde plantdatum op te hef. Die groeiperiode verminder redelik konsekwent met drie tot vier dae vir elke week se uitstel van planttyd. Soos afgelei kan word, is slegs groeiklas 6 deur ryp benadeel toe daar laat geplant is. Al die ander groeiklasse se graanvulperiode is wel deur die laat planttyd verkort en dit is opsigself nadelig vir produksiepotensiaal.

Figuur 2 a) verteenwoordig die data van twee proewe wat vroeg geplant is en toon hoe belangrik 'n lang groeiperiode vir die beste opbrengste is. Daar is duidelik 'n goeie positiewe verband en opbrengs neem toe vanaf ongeveer 4 t/ha wanneer die groeiperiode 18 weke is tot 4,5 t/ha en meer wanneer die groeiseisoen 22 tot 23 weke lank is. Figuur 2 b) toon dieselfde korrelasies vir twee proewe wat laat geplant is en dit kan gesien word dat groeiklas 6, wat die langste groeiperiode nodig het, swak moes doen onder hierdie toestande. Die tendens is dus nou omgekeer en die korter groeiers het die lang groeier geklop in terme van opbrengs.

Hierdie waarnemings en teenstrydige resultate kan verklaar waarom produsente op inligtingsdae nie saamstem met kultivarresultate wat aangebied word nie. Hulle vergelyk dus moontlik nie "appels met appels" nie. Die beste planttyd vir lang groeiers word gewoonlik vir proewe gebruik en as die beter presterende lang groeiers dan by die boer geplant word, is daar vele redes hoekom die beste planttyd nie gebruik kan word nie. Daar word dan nie noodwendig 'n aanpassing gemaak deur 'n ander groeiklas te plant wat beter by die veranderde planttyd aangepas is nie en swak opbrengste volg noodwendig.



Figuur 1. Voorstelling van dagliglengteverloop deur die seisoen en die invloed van plantdatum en groeiklas op morfologiese ontwikkeling van sojabone.



Figuur 2. Verband tussen opbrengs en groeiperiode vir a) vroeg geplante en b) laat geplante sojabone.

Laat aanplantings het nie net tot gevolg dat lang groeiklasse die risiko van groeibeperkende ryp aan die einde van die groeiseisoen kan ondervind nie, maar daar is ook die seisoenale risiko van afnemende reënval in die laat somer en herfs. Die gewaswaterbehoefte is dan op sy hoogste omdat graanvulling nog plaasvind. Die seisoen en proewe onder bespreking se reënval het vanjaar heeltemal opgehou tydens die laaste drie weke van die seisoen wat besonder opbrengsbeperkend was vir groeiklas 6.


Die oes was toe tot 'n groot mate reeds gemaak by groeiklasse 5.3 en korter. Die reën het die vorige jaar nie so skielik opgehou nie, maar toe het die koue bietjie vroeër gekom en die opbrengsresultate en tendense het toe presies ooreengestem met wat vanjaar gevind is. Kortere groeiklasse doen dus by later plantdatums beter as lang groeiklasse omdat hulle droogte- en rypontwykend optree.

Die datum vir die aanvang van blomvorming kan handig te pas kom as indikator vir die korrektheid van groeiklas- of plantdatumkeuse. Indien daar terug geprojekteer word vanaf die normale intreedatum vir ryp in die Oos-Vrystaat, skyn dit dat sojabone op die laaste teen ongeveer die laaste week van Januarie moet begin blom. Die nodige periode van 10 tot 12 weke tussen blomvorming en fisiologiese rypwording sal andersins moeilik ingepas word teen die tyd dat die eerste ryp begin voorkom. Aanbevelings sal in die toekoms verfyn moet word om groeiklasse van ongeveer 5,5 in te sluit, maar twee jaar se proefresultate dui daarop dat daar opbrengsbeperkende risiko's as gevolg van plantdatum vir groeiklasse 6 en langer is en hulle kan dus liefers vermy word.

Die langer groeiklasse kan slegs tot hul reg kom met baie vroeë aanplantings en sulke plantdatums kan nie gewaarborg word nie. Die produsent se groeiklasbeplanning behoort dus so te wees dat die groeiklasse wat hy wil plant, aangepas is by effens later plantdatums as die ideale datum. Indien daar groot plantdatumvertraging voorkom, moet daar ruimte wees om aan te pas na nog korter groeiklasse.



Ter afsluiting kan gemeld word dat groeiklasindelings relatief is en die relatiewe maatstaf waarvolgens indelings gemaak word, kan varieer. Die gevolg is dat daar effense verskille in die gedrag van kultivars binne dieselfde groeiklas kan voorkom. Beginsels bly egter belangrik en hierdie artikel sal in sy doel geslaag het as dit ons produsente so kon bemagtig dat hulle 'n saadvertegenwoordiger kan reghelp wat teen die laaste week van November nog steeds vra dat 'n groeiklas 6 of langer beproef moet word. Dit maak nie saak of die waagstuk dalk suksesvol kan wees of nie. 'n Produsent behoort nie te dubbel in die hoop dat abnormale toestande vir hom 'n opbrengs sal besorg nie. Bly liefers by gesonde beginsels sodat die beheerbare risiko vir swak opbrengste geminimaliseer kan word en die vrugte sal oor die lang termyn gepluk word.



LAAI NOU DIE GRATIS Efekto Green Fingers app af

Die mees volledige tuingids in die
palm van jou hand

STUUR 'N FOTO,
IDENTIFISEER
'N TUINPES



DESKUNDIGE
TUINADVIES
EN WENKE



VOLLEDIGE
PRODUK-KATALOGUS



Beskikbaar op:



Download on the
App Store



GET IT ON
Google Play

Kliëntediens: Tel 086 133 3586
info@efekto.co.za
www.efekto.co.za

 **Efekto**

Garden & Home Pest Control

Sakata vir gehalte en verskeidenheid

Die ontwikkeling in tegnologie en die vordering wat die afgelope aantal jare in genetika gemaak is, het ook die gehalte van groente verbeter. Vir die verbruiker beteken dit beter voorkoms, smaak, raklewe en selfs gesondheidseienskappe, terwyl die produsent kyk na verbeterde opbrengs, siektebestandheid, aanpasbaarheid en hou vermoë. Sakata het 'n groot verskeidenheid nuwe generasie groentevariëteite wat aan beide die produsent en die verbruiker se behoeftes voldoen.

Blomkool: Merton*

Merton is 'n nuwe blomkoolvariëteit geskik vir warmseisoenproduksie. Merton kan die somerhitte baie goed weerstaan met die blare wat die koppe toemaak en sodoende teen die son beskerm. Merton is baie aanpasbaar en het 'n baie hoë opbrengspotensiaal. Die koppe is by uitstek geskik vir voorafverpakking en verwerking.

Kool: Optima

Sakata se nuwe koolvariëteit, Optima, bied presies wat die produsent verlang – goeie gehalte groot kole (3 tot 5 kg) met uitstekende siektebestandheid. Optima beskik oor weerstand teen swartvrot en is dus uiters geskik vir areas waar die swartvrot-druk baie hoog is – veral met die huidige wisselvallige klimaatsomstandighede, bied dit die produsent addisionele versekering van goeie gehalte koppe. Die groot raam beskerm die koppe baie goed teen sonbrand asook windskaade.

Botterskorsie: Pluto

Pluto se sterk groeiende plante is wyd aanpasbaar en is dus minder vatbaar vir siektes. Die opbrengspotensiaal van Pluto is uitstekend en die vrugte kraak nie maklik nie. Pluto se vrugte is baie eenvormig en die diep-oranje vleis beskik oor uitstaande smaak en hoë suikerinhoud. Die bekwame vrugte het 'n uitstekende raklewe en is geskik vir die varsmark, uitvoer en verwerking.

Botterskorsie: Quantum

Quantum kan in alle opsigte as 'n kleiner Pluto beskou word, en beskik oor dieselfde eienskappe wat opbrengs en

gehalte betref. Die kleiner vrugte van Quantum is perfek vir kettingwinkels wat 'n aanvraag het na mediumgrootte botterskorsies. Quantum is 'n volranktipe, met baie aanpasbare en groeiagtige plante, wat dit minder vatbaar maak vir siektes. Die opbrengspotensiaal van Quantum is uitstekend, en die vrugte is ook nie geneig om te bars nie. Die variëteit het 'n uitstekende vrugsetvermoë, en kan oor 'n lang tydperk vrugte dra as gevolg van die plante wat lank gesond bly.

Tamatie: Jasmine

Jasmine is 'n nuwe variëteit wat spruit uit Sakata se plaaslike teelprogram. Jasmine word gekenmerk deur uitstekende vruggehalte, eenvormige vruggrootte en 'n baie goeie siektepakket. Die variëteit lewer sterk groeiagtige plante wat onder andere weerstand bied teen "Tomato curly stunt virus" (ToCSV) en tamatiekromnekvirus (TSWV). Die aantreklike vrugte is groot en baie ferm met 'n goeie kleur wat die variëteit 'n móét maak in enige produksieprogram. Die plant beskik oor 'n regop stam en blaarrangskikking wat die plant 'n oop raam gee en gevolglik die oplei van die plante vergemaklik.

Tamatie: Inga

Inga is 'n kompakte plant wat groot, hoëgehalte vrugte produseer en is ook afkomstig van Sakata se plaaslike teelprogram. Die plante is baie groeiagtig wat die variëteit minder vatbaar maak vir blaarsiektes onder omstandighede wat gunstig is vir die ontwikkeling van siektes. Die variëteit kan in die oopland of onder beskerming verbou word, maar presteer veral goed onder beskerming en produsente in Oos-London gebruik die variëteit vir goeie opbrengste, veral waar insekwerende kweekhuise gebruik word. Inga beskik onder meer oor siekteweerstand bied teen tamatiekromnekvirus (TSWV).

Waatlemoen: Daytona

Daytona is 'n All Sweet-tipe waatlemoen met baie goeie interne gehalte. Die vrugte is baie eenvormig en weeg tussen 10 en 12 kg. Die medium-dik skil is sterk wat hierdie variëteit baie gunstig maak vir verskeping oor lang afstande. Daytona word gekenmerk deur die vrugte se helderrooi, ferm en sappige vleis met 'n uitstekende smaak en suikervlakke (Brix) van tussen 11 en 12%. Daytona weerstaan sonbrand baie goed en beskik oor hoë bestandheid teen Antraknose (Co).

Vir meer inligting oor Sakata se nuwe produkreeks skakel ons gerus by 011 548 2800 of besoek die webwerf www.sakata.co.za.

* **Eksperimenteel:** Hierdie variëteit is steeds eksperimenteel, maar registrasie is reeds ingedien vir Suid-Afrikaanse kultuurvarlysting.



Sakata - kwaliteit groentesaad vir elke produsent



SAKATA[®]

PASSI^{ON} in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE



Só behandel jy brandwonde

Ongelukke gebeur in 'n oogwink, maar ons het nie almal 'n noodhulpkursus voltooi nie. Nogtans moet ons weet hoe gemak wanneer iemand in jou teenwoordigheid seerkry.

Daar is vier verskillende soorte brandwonde, ingedeel volgens die oorsake:

1. Hitte, byvoorbeeld vuur, stoom of warm vloeistowwe;
2. elektrisiteit;
3. die son;
4. en chemiese stowwe.

Die **ernstigheid** van brandwonde word gemeet aan die diepte van die wonde (uitgedruk in grade van een tot vier) en die grootte van die wond (uitgedruk in 'n persentasie van een tot 100):

- 1ste graad: Die vel is rooi, gevoelig en gewoonlik klam. 'n Ligte koors, rusteloosheid en hoofpyn kan voorkom.
- 2de graad: Die vel is beskadig en blase kan voorkom. Die pyn is erger en die rooiheid helderder.
- 3de graad: Die vel is diep beskadig en vertoon helder rooi, wit of swart. Dis moontlik dat jy geen pyn ervaar en nie blase het nie, aangesien die senuwees ook gebrand is.
- 4de graad: Die vel is beskadig tot op die spiere en been.

Persentasie

- Grootte van een hand = 1%
- Kop en nek = 9%
- Een hand en een arm = 9%
- Een voet en een been = 9%
- Bors en maag = 18%
- Rug, insluitend die boude = 18%


- Geslagsdele = 1%

Die persentasies van al die aangetasde dele word bymekaargetel om die ernstigheid te bepaal:

- Min = 15%
- Matig = 15 – 49%
- Groot = 50 – 69%
- Reusagtig = 70% en meer

Wanneer moet ek die persoon liever hospitaal toe neem en wanneer kan ek 'n brandwond tuis behandel?

- Die meeste eerstegraadse brandwonde wat minder as 15 persent van die liggaam bedek, kan gerus tuis versorg word.
- Alle kinders onder twee moet dokter toe gebring word vir 'n ondersoek.
- Wanneer daar meer as 70 persent brandwonde is, moet die slagoffer dadelik hospitaal toe gebring word.
- Wanneer die slagoffer se bewussyn aangetas is, moet hy/sy dadelik hospitaal toe gebring word.
- Enige derdegraadse brandwonde moet dadelik hospitaal toe gaan.
- Almal wat brandwonde weens elektrisiteit opdoen, moet deur 'n dokter ondersoek word.
- As sy/haar hande, voete, geslagsdele of gesig gebrand het, moet 'n dokter dadelik die wonde ondersoek.
- Chemiese brandwonde wat blase maak, moet ook dadelik deur 'n professionele mediese persoon ondersoek word.



BEHANDELING: ELKE SOORT BRANDWOND MOET VERSKILLEND BEHANDEL WORD.

Brandwonde weens elektrisiteit

1. Indien daar enige drade naby die persoon is, skakel dadelik die kragtoevoer af of ontkoppel die toestel. Moenie net die toestel by die kragtoevoer afskakel nie.
2. Indien dit onmoontlik is om die kragtoevoer af te skakel, isoleer jou deur jou hande behoorlik droog te maak en droë handskoene of 'n droë lap te gebruik om aan die slagoffer te vat.
3. Staan op 'n geïsoleerde oppervlak, byvoorbeeld papier of 'n handdoek. Moenie direk op die grond, metaal of enigets nats staan nie.
4. Verwyder die drade dan versigtig met 'n niemetaal, niegeleidente voorwerp, soos 'n besemstok of iets van rubber.
5. Hou die slagoffer kalm en draai hom toe in komberse.
6. Bedek alle oop wonde met gaas of verbande.
7. As daar bloeding is, beperk dit deur drukking toe te pas op die wond.
8. Neem die slagoffer na 'n dokter of hospitaal.

Brandwonde weens die son

1. Plaas 'n nat lap op die wond om brandgevoel te verlig.
2. Gee vir die persoon heelwat vloeistof om te drink.
3. Tap vir die persoon 'n loutewarm bad met koeksoda in.
4. Bepaal hoe ernstig die wond is en besluit of die slagoffer 'n dokter moet spreek.

Brandwonde weens chemiese stowwe

1. Spoel die aangetaste deel vyf minute onder lopende koue water af. Sorg dat die vuil water wegloop en nie enige ander dele van die slagoffer of jou aanraak nie.
2. Indien dit 'n groot brandwond is, moet die slagoffer plat lê op pad hospitaal toe sodat sy bloeddruk nie daal weens die skok nie.

Brandwonde weens hitte

1. Blus die vuur. As die slagoffer nog brand, draai haar/hom in 'n kombors of handdoek toe om die vlamme te blus.
2. Moenie enige room, botter, kleefband of boereraat naby of op die brandwonde gebruik nie; dit kan die hitte binne hou.
3. Moenie enige kledingstukke wat vasgebrand het, verwyder nie.
4. Verwyder juweliersware voor die aangetaste dele begin swel.
5. Vir klein brandwonde, dompel die gebrande deel in koue water (nie yswater). Beperk die indompelingstyd tot vyf minute op 'n keer om 'n dooie gevoel en verkluming te voorkom. Jy kan ook klam lappe op die aangetaste dele plaas vir tien minute tot 'n kwartier op 'n slag; dit sal die pyn en swelling verlig.
6. In die geval van 'n ledemaat, lig die aangetaste deel die eerste 24 uur lank bokant die hart se vlak.
7. Aloe vera-jel kan gebruik word vir eerstegraadse brandwonde, maar lees eers die voubiljet, want sommige jels bevat alkohol of parfuim. Dit kan die vel irriteer. Die jel kan in die koelkas verkoel word vir groter verligting.
8. Lokale verdowingsalf wat sonder 'n voorskrif gekoop word, kan help met pynverligting.
9. Moenie blase stukkend steek nie, want dit kan lei tot ontsteking.
10. Was die wond een keer per dag met 'n antibakteriese seep en wend antibiotiese salf aan.
11. Indien die blase wel breek, verwyder enige los velle versigtig.
12. Neem baie vloeistowwe in om ontwatering te voorkom.






Wat het ek in my noodhulpkissie nodig?

- 'n Klein skêr
- Aloe vera-jel wat nie alkohol of parfuim bevat nie.
- Lokale verdowingsalf
- Antibakteriese seep
- Antibiotiese salf
- Verbande en gaas
- Koeksoda
- Watte en gaas om die wonde skoon te maak

So kan jy brandwonde voorkom:

- Hou 'n brandblusser naby elke vuurmaakplek. Gebruik dit net vir klein brande.
- Moenie los klere naby 'n vuur dra nie.
- Moenie in die bed rook nie.
- Draai alle handvatsels van potte en panne na agter op die stoof.
- Moenie 'n vuurwerk aansteek terwyl jy dit vashou nie.

Hierdie artikel het verskyn op www.huisgenoot.com



Noodhulp: brandwonde

Knip dié nuttige noodhulpwenk uit en raadpleeg dit tydens 'n noodgeval.

Brandwonde word deur hitte, chemikalieë, elektrisiteit of bestraling veroorsaak.



Stappe om te neem

1 Spoel die besering vir 10 tot 30 minute met skoon, koel water.



2 Wend 'n antiseptiese-rooms of Burnshield aan en bedek dit met 'n klam verband om dit skoon te hou.



NOTA Moet nooit ys gebruik om die wond af te koel nie. Dit kan die brand vererger.



Eerstegraadse (oppervlakkige) brandwonde raak die buitenste laag van die vel. Vir 'n paar dae is daar ligte swelling, rooiheid en pyn.

Tweedegraadse (gedeeltelike dikheid) brandwonde behels skade aan albei lae van die vel. Gewoonlik vorm blase wat vir weke pynlik, gevoelig en geswel is.

Derdegraadse (volle dikheid) brandwonde kom wit of verkool voor en behels permanente skade aan al die lae van die vel sowel as onderliggende bene, spiere en senuwees.

Bel die nooddienste wanneer...

- ✓ dit derde- of uitgebreide tweede- of derde- graadse brandwonde is.
- ✓ dit 'n chemikalieë of elektriese brandwonde is.
- ✓ die gesig, hande of geslagsdele gebrand is.
- ✓ 'n Brandwond 'n ledemaat of hele lyf omring.
- ✓ 'n kind of 'n bejaarde gebrand is.
- ✓ tekens van infeksie ontwikkel.



If you want to give your garden the best care, you've come to the right place. With a comprehensive range made up of durable, effective and affordable products, including hose fittings, sprinklers, accessories and more, we've got you covered in the residential irrigation department.

At Gro, we understand that your garden is your pride and joy and that you require reliable tools to keep it looking great!

View our range to find the
perfect garden tool for you!

www.gro-sa.co.za



prodist
demand supply **first**

Available at selected retailers nationwide

Visit www.prodist.co.za or www.gro-sa.co.za for more information



wat
werk

Miet

- Om miet uit droëvrugte of saad te hou, sit 'n paar vyeboomtakkes in die houer.
- Plaas 'n wit kers binne-in meel. Dit voorkom dat miete in meel, poeiermelk, pasta, rys, ens. kom.

Motte

- Droog lemoenskil in die oond en plaas dit in laaie en kaste om motte uit te hou.
- Engelse sout in kaste waar linne gebêre word, hou motte weg.
- Om die reuk van mottegif te verwyder, kan watte met twee of drie druppels vanielje daarop gebruik word.
- Om vismotte te beperk in jou klerekaste kan jy moeseliensakkies vol gegeurde kruie of klein sepies daarin sit. Dit laat jou klere ook somer lekker ruik.
- Plaas 'n paar koekies seep in jou linnekas. Dit sal die motte weghou en gee ook 'n aangename reuk aan die linne.
- Raak onslae van motte deur Sunlight-wasgoedseep (die groen blokke) te rasper en in die kas/sak waar jy komberse en linne bêre te strooi.

- Sit lappies geweek in paraffien in jou kas om motte uit jou klere te hou.
- Sprinkel terpentyn op stukkies papier en sit dit in jou kas om motte uit jou klere te hou en sit stukkies kamfer in jou kas om motte uit jou klere te hou.

Molle

- Hondebollie, die "slagysters" op die grasperk, kan help om molle weg te hou. Gooi hulle oral in die gate/tonnels.

Muise

- Gooi motbolle op jou huis se plafon en geen muis of rot sal dit naby die plafon waag nie. Ons verpes muise en rotte en muise en rotte verpes die reuk van motbolle.
- Gooi pepermentolie by muisgate.
- Meng gelyke hoeveelhede gipspoeier en versiersuiker. Sit in bakkies orals in jou kaste en alle verskuilde gaaitjies neer en los dit daar. Die muise kom eet daaraan en dan versteen hulle magies.
- Sit grondboontjebotter op muisvalletjies om muise of rotte te vang. Muise verkies grondboontjebotter bo kaas.

Muskiete

- Gaan na enige apteek of winkel en gaan koop 'n botte laventelolie. Drup daarvan op jou beddegoed, of plaas dit in 'n bakkie op jou bedkassie. Dit sal jōu kalm en rustig maak en boonop hou dit muskiete weg. Of smeer die olie aan jou bene, of sit dit in 'n brandertjie met 'n bietjie growwe sout. Gebruik dan die growwe sout om in te bad.
- Gooi 'n paar bloekomblare in die braaivleisvuur. Die muskiete sal wegbly en jy kan in vrede braai.
- Koop sitronella-olie-sepies (so half deurskynend) en stort saans daarmee. Dit sal die muskiete weghou.
- Kry 'n sitronella-kers of een van hierdie branders met sitronella-olie en brand dit in die vertrek waar jy is.
- Neem 'n groot ui, van dié wat skerp ruik, en sny dit in redelike dik skrywe. Plaas dit oral rond waar die mense beweeg.
- Neem houertjies en gooi doodgewone asyn daarin. Hoe sterker die asyn, hoe beter (met ander woorde die persentasie asyn wat op die bottel staan). Plaas dit nou oral rond. In die somermaande kan jy selfs 'n bakkie daarvan voor die waaiersit sodat die reuk die vertrek kan vul.
- Om te keer dat muskiete jou byt: Meng dieselfde hoeveelhede Dettol en baba-olie en smeer aan. Die muskiete sal nie naby jou kom nie.
- Plant peperment-grondbeddekkers en koop vleisvreterplante.



Slakke

- Gooi bier in platterige houers uit. Slakke hou van die reuk en verdrink dan in die bier.
- Hou slakke van plante weg deur eierdoppe rondom die plante te strooi.
- Maak beddings goed nat en sodra slakke te voorskyn kom, besprinkel hulle met tafelsout.
- Plaas lemoen-, suurlemoen- of nartjieskille waar die slakke is. Hulle hou niks van die reuk nie.
- Vaseline wat rondom potte gesmeer is, hou ook slakke weg van potplante.

Spinnerakke

- Om ontslae te raak van spinnerakke, los stukkies seep op die plekke waar dit altyd verskyn.

Termiete

- Meng 100 ml water, 200 ml suiker, 50 ml boraks en gooi in mieraagtjies.

Vlieë

- Om vlieë in toom te hou, plant basielkruid of vleisvretende plante (Fly-traps) of ment in potte en hou in vensterbanke.
- Plaas watterbolletjies gesprinkel met 'n paar druppels laventelolie in pierings in die vertrek.
- Smeer kasterolie aan gloeilampe en vryf blink met 'n sagte lap. Dit verhoed dat vlieë hul merke maak.
- Vir lastige vlieë, gooi gewone asyn in klein bakkies of deksels en plaas dit byvoorbeeld bo-op die yskas waar dit buite sig is. Die suur reuk jaag die vlieë weg. Die enigste nadeel is dat dit vinnig verdamp (na 3 dae), maar dit bly steeds goedkoper as enige gifstowwe.



Vlermuise

- As jy 'n skerp lig in die dak installeer en aanskakel nadat die vlermuise uitgevlieg het, sal die lig hulle pla as hulle wil terug invlieg.
- Naftaleenbolletjies (vismotgif) verdryf die vlermuise. Die belangrikste is om die gate waar hulle inkom, toe te maak wanneer hulle uit die dak is.
- Vlermuise hou niks van die reuk van kakiebos nie. Hang 'n paar stukke kakiebos net buite die plek waar hulle inkrui. As jy nie kakiebos het nie, kan jy ook afrikaners (die blomsoort) gebruik.



Motorwenke

- Gebruik 'n witborduitveër om 'n toegewasemde motorruit skoon te maak. Dit werk baie beter as 'n lap.
- Gebruik ou T-hemde om ruite mee skoon te maak. Die materiaal vorm nie wolletjies nie.
- Indien jou motor uitermatig vuil is, gebruik 'n mengsel van brandspiritus en water. (1 tot 8 mate water). Moenie afspoel nie. Die motor sal mooi blink daarna.
- Meng een deel paraffien met een deel brandspiritus en een deel water. Spuit op die motorvensters, was en laat dit self droog word. As dit egter waterstrepe maak, poleer met ou koerantpapier.
- Om stampe in motorhuis te voorkom, maak 'n buiteband teen die muur vas.
- Om te weet waar om te stop, hang 'n rubberballetjie met 'n toutjie van die dak af. Wanneer jy dan in die motorhuis of onder die afdak intrek, ry net totdat jou windskerf teen die balletjie raak.
- Vir 'n pap motorbattery, gooi net 2 ml Engelse sout by elke gat van die battery in. Dit sal sommer nuwe krag hê.
- Wanneer jy 'n lang motorrit onderneem, eet kort-kort 'n stukkie kaas. Dit sal jou wakker en aan die gang hou.
- Hou ook 'n pakkie rosyne in die motor. Dis ryk aan kalium, yster, vitamien B en tiamien.
- Was jou motor se voorruit af met water en dan 'n bietjie seep, somer skottelgoedwasmiddel. Spoel af en vryf dit droog met 'n stuk opgefrommelde koerantpapier.
- Was vetterige voorruit met Coke. Coke bevat fosforsuur. Die suur breek die vet af. Was dan die ruit daarna soos gewoonlik.



Batterye

- Vir 'n pap motorbattery, gooi net 2 ml Engelse sout by elke gat van die battery in. Dit sal sommer nuwe krag hê.
- Wanneer jou flits se batterye pap is, sit oornag in plastieksakkies in die vrieskas. Hulle is dan weer volsterkte.
- Wanneer jou motorbattery se terminale aangepak is, neem Coke en gooi dit oor die terminale. Die Coke sal die terminale skoon vreet.

Brandstofbesparing

- Bring indien moontlik 'n saamryklub op die been.
- Gebruik multigraad-olie in jou enjin, want dit verminder weerstand.
- Gebruik 'n ritboek om jou brandstofaankope en kilometers afgelê aan te teken sodat jy nuwe ekonomiese doelwitte kan stel en skielike verskille in die

werking van jou voertuig weens meganiese foute kan opspoor.

- Laat jou motor gereeld versien.
- Maak die motor se vensters toe wanneer jy ry, want 'n oop venster skep weerstand wat brandstofverbruik met soveel as 20% opjaag. Vir iemand wat R100 per week aan petrol bestee, kan 'n besparing van 20% beteken dat R20 per week bespaar word, wat uitwerk op R80 per maand. Dit is geld wat 'n mens op jou verband kan afbetaal of kan spaar vir onvoorsiene omstandighede.
- Moenie jaag nie. Hoe vinniger jy ry, hoe meer brandstof gebruik jy.
- Moenie met bande ry wat te sag gepomp is nie omdat banddruk wat te laag is, nie net brandstofverbruik verhoog nie, maar ook die lewensduur van die bande aansienlik verlaag.
- Skakel oor na straallaagbande omdat hulle minder rolweerstand en 'n langer lewensduur as die kruisstraatsoort bied.



AGITA®
Say goodbye to flies



Agita® is a ready-to-use granular fly bait suitable for use in stables, poultry houses, pigsties, dairies and other farm buildings where flies are a nuisance and health hazard.

Dedicated to the Dedicated

Registration Holder:

Novartis Animal Health, a business unit of Novartis South Africa (Pty) Ltd.
(Company Reg. No. : 1946/020671/07) P.O. Box 92, Isando, 1600. Tel.: +27 11 929 9111

AGITA® WG 10 Fly Bait (Reg. No. L6670 Act 36/1947) Contains thiamethoxam 100 g/kg + (Z) 9-tricosene 0,50 g/kg
AGITA® Granular Fly Bait (Reg. No. L7180 Act 36/1947) Contains thiamethoxam 10 g/kg + (Z) 9-tricosene 1 g/kg

Elanco Animal Health, a division of Eli Lilly (SA) (Pty) Ltd. (Company Reg. No. : 1957/000371/07)
Private Bag X119, 2021, Bryanston. Tel.: +27 12 657 6200

Agita and Elanco are trademarks of Eli Lilly and Company or its affiliates.

Elanco

ZADRYAGI00029

Benja

gaan see toe

deur Estelle Duvenhage



Dit is nog donker toe Benja reeds voor sy pappa se bed staan. Hy begin aan sy pa se pajamamou ruk en pluk.

"Opstaan, Pappa. Staan nou op. Ons moet klaarmaak. Ons gaan mos vandag see toe," neul Benja.

Traag en nog baie deur die slaap maak Pappa sy een oog oop.

Mamma maak of sy die kabaal nie hoor nie.

"My liewe seuntjie, dit is nog donker. Ons kan nie nou al opstaan nie."

Pappa sit die lig aan en wys vir Benja dat dit nog net sesuur in die oggend is.

Sleepvoet loop Benja terug kamer toe.

"Ag, grootmense wil net altyd slaap en slaap. Hulle is ook altyd moeg," mompel hy ongelukkig.

Benja raak weer aan die slaap.

"Benja, wakker word, seuntjie. Ons is almal aangetrek en die kar is gepak," praat Mamma saggies met hom.

Dadelik is hy wawyd wakker, spring uit sy bedjie, en een-twee-drie is hy aangetrek.

Hy wil net by die kamerdeur uit hardloop toe hy Mamma hoor roep: "Moenie vergeet om jou tande te borsel nie, en was jou gesig, en onthou om jou hare te kam."

Grote Griet, dit is Saterdag! Kan Ma nie net vir een dag vergeet van al dié dinge nie, dink Benja vieserig.

Uiteindelik is almal in die motor. Mamma en Pappa is vasgegordel, en Benja en sy sussie, Lientjie, sit veilig in hulle veiligheidstoeltjies, ook styf vasgegespe.

Ai, kan Pappa nie nou maar die motor aanskakel en ry nie? Benja kriewel al van die haastigheid om by die see te kom.

Hulle woon nie baie ver van die see af nie. Hulle lag en sing en gesels te lekker. Benja wil nog vra hoe ver dit nog see toe is, toe stop Pappa.

"Almal sal moet help dra. Daar is baie goed om saam strand toe te neem," sê Pappa.

Benja ken daardie toon in sy pa se stem, hy sal nie twee keer vra nie.

Die rooi en blou sonsambreel het Pappa mooi regop in die sand staan gemaak. Mamma het die groot ou lappieskombers oopgegooi. Sussie is nog 'n klein babatjie; sy slaap in haar drabedjie. Sy en Mamma sal onder die sambreel bly terwyl Pappa en Benja in die groot seepoel gaan speel.

Benja ken daardie poel al so goed. Dit is sy lekkerste speelplek.

Haastig tel Benja sy emmer, grafie en visnet op. Net toe hy na die poel toe wil hardloop, keer Mamma hom.



"Kom, Benja, buk so 'n bietjie, ek wil gou vir jou sonbrandroompies aansmeer. Jy weet mos jy mag nie daarsonder in die son speel nie. Wag eers, jou hoed, knapie! Ai, Benja, moenie so ongeduldig wees nie, die see gaan nêrens heen nie. Kyk, die branders gaan in en uit, hulle kom altyd weer terug," lag Mamma.

Op die lae rotse by die groot poel water wys Pappa vir Benja 'n groepie anemone wat langs die kant van die rotse groei.

"Haai, Pappa, ek het nie geweet daar groei sulke goed in die see nie. Dit lyk amper soos blomme. Sjoë, hulle is vreeslik mooi."

Benja druk sy vinger in die een anemone en skrik toe die anemone sy tentakels toevou.

"Pappa, kom kyk net hierdie pragtige skulpe. Haai, daar loop die skulp! Hy seil soos 'n landslakkie. Die seediertjies is pragtig. Ek weet as hulle doodgaan dan spoel hulle skulpe uit, want dis mos hul huisies, nè, Pappa," gesels hy opgewonde.

Geduldig vertel sy pappa hom van al die wonderlike diertjies wat in die see woon.

Benja gryp sy emmertjie. "Pappa, kom help my, dan bou ons 'n groot, groot sandkasteel," vra hy.

Benja en sy pa begin saam aan 'n reusekasteel bou. Terwyl Pappa die laaste torings bou, gaan haal Benja die mooiste skulpies en pak dit op die kasteel. Teen die sandmure word rye en rye klein en groot skulpies ook netjies gepak. Benja en Pappa is baie trots op hulle groot sandkasteel.

Benja en sy pappa is so vol sand, hulle spring in die koue water van die poeletjie en plas tog te lekker rond. Pappa wys sommer vir hom hoe om te skop, want een van die dae moet hy leer swem.

Pappa gebruik Benja se strandhanddoek om hom mee af te droog.

"Ek dink dit is nou tyd om te gaan eet. Kyk, Mamma beduie al vir ons om nader te kom."

Benja is só honger. Dankie tog sy mamma kan sulke lekker broodjies maak. Hy hou net nie baie van die hardgekookte eiers nie, maar Mamma sê dit is gesond, hy móét dit eet. Benja drink koejawelsap en vir nagereg eet hulle piesangs.

Nou voel Benja baie moeg. Sy ogies voel skoon swaar.

"Mamma, kan ek vir 'n klein rukkie langs Sussie lê en slaap?" vra hy moeg.

"Nee, my kind, ons moet nou oppak, dit word laat. Ons moet nou huis toe gaan," sê Pappa.

Gou-gou is almal se sand afgeskud, die motor gepak en is hulle op pad terug huis toe. Dit is doodstil in die motor. Almal is uitgeput van die son en lekker speel op die strand.

"Pieter, dra asseblief vir Benja sommer dadelik bed toe. Hy is in droomland. Hy is nie vuil nie, want die seewater het hom mooi skoon gewas," vra Mamma vir Pappa.

Benja is te swaar, Mamma kan hom nie meer dra nie. Lientjie is nog klein en lig, Mamma dra vir haar. Benja hoor vir Mamma, maar hy maak of hy slaap. Sy bene is so moeg van al die skop in die water, hy sal nie kan loop nie.

Ai, dit is lekker om 'n groot, sterk pappa te hê, dink hy tevrede. Voordat sy pappa hom in sy bedjie sit, is Benja reeds vas aan die slaap.





Wat is jou storie?

VKB word 100 jaar

VKB word 100 jaar in 2019 en ons wil graag die geskiedenis van hierdie maatskappy boekstaaf en/of 'n CD saamstel. Word dus deel van hierdie geskiedkundige gebeurtenis!

Enige iemand met inligting, ou publikasies of foto's oor die geskiedenis van VKB se ontstaan tot nou, kan dit stuur aan: Anelie Swemmer by aswem@vkb.co.za of stuur dit met die poskar van jou naaste tak af, of lewer dit af by VKB-hoofkantoor in Reitz.

Skakel Anelie by 058 863 8277 of 082 481 7666

VKB & NTK

Belangrike datums

VKB-plaasnaamborde

Alle VKB-lede wat belangstel om 'n VKB-plaasnaambord te bekom, kan hul naaste takbestuurder kontak en die vorm voltooi. Of skakel Anelie Swemmer by 058 863 8277/082 481 7666 of aswem@vkb.co.za



18 Augustus

NTK Top 100-funksie

11-14 September

VKB- en NTK-
Inligtingsvergaderings

15 September

VKB Top 100-funksie

16-17 September

Liebenbergsvlei VKB kanoo
maraton

27 September

Algemene jaarvergadering
van aandeelhouers,
VKB Groep op Reitz

Gholfdag

ten bate van

plaasveiligheid



24 Oktober 2017

Registrasie
08:30
"Shotgun" start
10:00

Koro-Creek
Modimolle

karretjies uitgesluit
R400 per speler

halfweghuis • ete na prysuitdeling • groot pryse

ntk



vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za



Bespreek by Liezl • 014 7199 030 / 082 803 1278 | liezl@ntk.co.za

Hoofkantoor | Chief Albert Luthulistraat 90 | Posbus 29 | Modimolle | 0510 | Tel. 014 719 9211 | ntk@ntk.co.za
VKB Beleggings (Edms) Bpk is 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer met Lisensienommer 4813

VKB Rugbyweke met trots geborg

Tydens die afgelope Junie-vakansie het VKB drie rugbyweke geborg, naamlik die O.13's en O.16's op Frankfort en die O.19's op Reitz. VKB wil van die geleentheid gebruik maak om die organiseerders en personeel van Hoërskool Wilgerivier en Hoërskool Reitz hartlik te bedank vir die uitstekende manier waarop die weke hanteer en uitgevoer is. VKB is trots om hiermee geassosieer te wees. Afrigters, spelers, ouers en ander belanghebbendes het die hoë standaard van aanbidding van die weke, asook die vriendelikeheid en gasvryheid van die gemeenskappe geprys.

By die O.13-week het die volgende tien spanne deelgeneem: Griffons, Lynx, Vrystaat Platteland, KOSH, Khosa Western Cubs, Oudskoliere, Verwes, Titans (Lions), Pretoria Privaatskole (Rooikatte), Noordwes Platteland en Valke Platteland.

By die O.16-week het 12 spanne deelgeneem: Griffons, Luiperd Platteland, Oos-Vrystaat, Oostelike Provinsie, Sandveld, Rooikatte, Oudskoliere, Lynx, Noord-Natal, Suid-Vrystaat, Vrystaat Kiewiete en die Titans.

Die beste speler in posisie by die O.13's en die O.16's gaan Desember aan 'n toernooi in Dubai deelneem.

Die O.19-week het sy 20ste bestaansjaar gevier. Mnr. Chris Swanepoel het onder leierskap van 'n groep rugbymanne van Vrystaat Platteland 'n visie gehad om 'n rugbyweek daar te stel wat jong rugbyspelers die geleentheid gee om op 'n hoër vlak te kan meeding. VKB was van die begin af as hoofborg betrokke.

Vanjaar het die week uit twee afdelings bestaan, vir plattelandse en stedelike spanne. Veertien spanne het deelgeneem: Barbarians, Griffons, Luiperds, Lynx, Noord-Natal, Oos-Vrystaat, OP Platteland, OVK Suid-Vrystaat, Pretoria Privaatskole (Rooikatte), Sandveld, Suid-Natal, Valke Platteland, Valke Stedelik en die Vrystaat Kiewiete. Die O.19-week op Reitz het ook 'n sewestoernooi ingesluit en 'n span is aangewys wat aan 'n toernooi in Mauritius gaan deelneem.

Die beste spelers in posisie vir die O.19-week gaan gedurende Oktober 'n toer deur Skotland onderneem.



VKB 0.13-Rugbyweek statistiek:

Wenspan vir die week: TITANS

Span wat aanskoulikste rugby gespeel het: PTA ROOIKATTE

VKB 0.16-Rugbyweek statistiek:

Wenspan vir die week: NOORD-NATAL
(LAMMERGEIERS)

Span wat aanskoulikste rugby gespeel het: TITANS

Beste voorspeler van die toernooi: Jared Steyn
(TITANS)

Beste agterspeler van die toernooi: JC Kleinhans
(SANDVELD)

VKB 0.19-Rugbyweek statistiek:

STEDELIKE FINAAL (O.19):

Barbarians 26 vs Valke Stedelik 25

Speler van die wedstryd: Willie Naudé (Barbarians)

PLATTELAND FINAAL (O.19):

Luiperds 27 vs Suid-Natal 5

Speler van die wedstryd: Kobus Vermaak (Luiperds)

TROFEE WENERS VIR DIE O.19'S:

Beste voorspeler: Dian Coetzee (Valke Stedelik)

Beste agterspeler: Stompie Hanabe (Griffons)

Aanskoulikste rugby: Suid-Natal

Voortreflikste span: Oos-Vrystaat

Wenspan van die week: Stedelik: Barbarians,

Platteland: Luiperds

Wenspan van die sewestoernooi: OP-Platteland

O.13-Wenspan: Titans



O.16-Wenspan: Noord-Natal



O.19-Platteland wenspan: Luiperds



O.19-Stedelike wenspan: Barbarians





Sokkertoernooi weer in Oktober gehou

Koos Pieterse van New Horizon College in Bethlehem sê dat hy die sokkertoernooi die eerste keer in 2014 aangebied het met slegs sewe spanne wat deelgeneem het in onderskeidelik O.9-, O.12-, O.13- dogters- en dan O.14-seunspanne.

Die doel was maar om sport te bevorder en om kinders 'n balans in die lewe te leer, maar ook om sport te geniet en aan hulle 'n wenkultuur te leer.

"Dit was, of is, steeds vir my belangrik om sport te gebruik om 'n kind verantwoordelikheid, dissipline en deursettingsvermoë te leer. Om te wen is 'n bonus en om te verloor is hoe jy opstaan wat karakter bou," sê Koos.

In 2015 het die toernooi gegroei tot 15 spanne en is 'n O.16-groep bygevoeg.

In 2016 het 22 spanne aan die toernooi deelgeneem en is daar lekker sokker opgedis, veral by die O.12's.

Wisseltrofees word jaarliks aan die wenspanne oorhandig en die idee is om ander distrikte aan te moedig om soortgelyke byeenkomste aan te bied om later 'n kompetisie tussen distrikte te bewerkstellig.

Omdat die toernooi so gegroei het, beplan ons om die toernooi vanjaar op 13 en 14 Oktober aan te bied. Die O.9- en O.13-dogters sal die Vrydagmiddag deelneem en dan sal die O.12's en O.14's Saterdag deelneem.

Die Departement van Onderwys en die plaaslike sokkerfederasie is betrek om te verseker dat ons nie 'n afgewaterde byeenkoms aanbied nie.

"Ek gebruik ook opkomende skeidsregters om hulle ook die geleentheid te gee om te ontwikkel," sê Koos. "Ontwikkeling van sokker in dié geval is vir my belangrik, maar ook die administrasie daarvan, en dan ook die skeidsregters."

VKB is sedert 2014 betrokke en dié betrokkenheid dra beslis by tot die sukses van die toernooi. Sonder 'n prominente instansie wat bereid is om in sport te belê, is sukses van enige toernooi moeilik.

"Ek het die hoogste waardering vir VKB wat bereid was en steeds is om in die moeilike finansieële omstandighede steeds sy hart oop te maak om te belê in die toekoms, want die kinders van vandag is tog môre se leiers."

Ontwikkeling van sport is belangrik en om dit te aanskou by die O.9's en dogters is nogal 'n belewenis.



Twin Mosia



Almal ken Twin as ons baie flukse ontvangsklerk, maar hy is soveel meer as dit. Twin is 'n man met 'n missie.

Hy kom van Petrus Steyn af, waar hy sedert sy kinderdae aktief betrokke was in die gemeenskap. Hy het baie tyd daarmee deurgebring deur in verskeie rolle betrokke te wees by 'n verskeidenheid projekte, totdat hy in 2015 besluit het om sy werk as 'n myner op te gee en meer op sy passie – die Suid-

Afrikaanse geskiedenis en erfenis – te fokus.

"Ek het sedert my laerskooldae al 'n liefde en passie gehad vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis, kultuur en erfenis," sê Twin. "Ek is 'n tipiese plaaskind wat nie in stede geglo het nie, maar omdat die werksgeleentheid op Petrus Steyn so skaars was, het ek reg oor die land gereis op soek na werk. Ek was 'n tuinier, konstruksiewerker, drywer, myner en alles tussenin totdat ek besluit het om terug te keer huis toe en te fokus op my passie vir geskiedenis."

Twin het besluit om in sy tuisdorp 'n museum oop te maak. Aangesien werk skaars is en daar niks in die omgewing gebeur nie ten spyte van sy potensiaal, het Twin besluit om dit self te laat gebeur. Die museum word die Elandskop Museum genoem, vernoem na 'n plaaslike koppie, en sal in die treinstasie wat aan Transnet behoort, gehuisves word. Hy is van plan om die gebou tot sy eertydste glorie te herstel.

"Ek het op die treinstasie besluit omdat dit deel vorm van die geskiedenis en erfenis van ons dorp, en omdat die gebou deur vandale verniel is. Ons voer tans samesprekings met Transnet en ander belanghebbendes om die stasie aan ons te verhuur of dalk te skenk," sê hy.

"Die museum sal die tuiste wees van 'n kunsgalery, 'n boekwinkel, kultuurdorpie en 'n kunsvlytwinkel, om maar net 'n paar te noem."

Die museum word reeds as 'n virtuele onderneming bedryf en het Suid-Afrika as finalis in die African Youth Awards 2016 in die Civil Society of the Year-kategorie verteenwoordig. In 2016 het Twin ook 'n Gold Shield National Heritage-toekenning van die Nasionale Erfenisraad ontvang vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse erfenis. Hy het ook 'n goue medalje en die titel Versoening-en-eenheid-ambassadeur (Reconciliation and Unity Ambassador) ontvang vir sy bydrae tot die opvoeding van die publiek.

"Baie van my tydgenote het opgegee weens 'n gebrek aan ondersteuning. Ons jeug is gefrustreerd en het alle hoop verloor. Ek daag die jeug uit om uit te styg en hierdie land te neem tot waar dit veronderstel is om te wees. Doen jou deel vir 'n beter Suid-Afrika."

Jong boere voltooi kursus

'n Paar jong graanboere wat die voortou kan neem met die konsep van slimboerdery word jaarliks gekies om Syngenta se graanakademie by te woon. Altesaam 19 studente het vanjaar die vyfde aanbieding van dié serifikaatkursus bygewoon waaronder VKB se junior landbou-ekonomiese, Sosie Matla.

Die akademiese is 'n sakeleierskapontwikkelingsprogram vir jong, kommersiële boere en word aangebied saam met die Universiteit van die Vrystaat se sakeskool en met die ondersteuning van Graan SA. Baie geluk, Sosie!



Sosie Matla het Syngenta se graanakademie bygewoon.

THEPA TRADING NETBALTOERNOOI IN SAMEWERKING MET VKB - 2017

Die sesde THEPA TRADING NETBALTOERNOOI vir streekspanne, in samewerking met VKB, het vanaf 18 - 21 Julie 2017 op Hennenman plaasgevind en agt spanne het deelgeneem. Daar was vier spanne uit Lejweleputswa - die Rooikatte, Flaminke, Lions en Tiere, een uit Oos-Vrystaat - die Kosmosse, een uit Xhariep Platteland, een uitnodigingspan - die Relekile Warriors en een uit Fezile Dabi - die Kiewiete.

Netbal van hoogstaande gehalte is gelewer. In die uitspeelronde het die Oos-Vrystaat Kosmosse met Xhariep Platteland en die Lejweleputswa Tiere met die Fezile Dabi Kiewiete afgereken om sodoende in die finale te speel. Die Lejweleputswa Tiere het as wenners van die toernooi geseëvier.

'n Toekenning vir die span met die beste gees is aan Xhariep Platteland gemaak, terwyl die trofee vir die aanskoulikste netbal aan die Fezile Dabi Kiewiete toegeken is.



Mandeladag 2017

VKB Vrede-handelstak het heerlike warm sop en broodjies uitgedeel op Mandeladag.



VKB Bieliemieliefees • Die fees met gees

www.bieliemielie.co.za | www.vkb.co.za

15-18 Februarie 2018

Stalletjies beskikbaar • Kontak Ronell van Niekerk 083 226 1607 • Hannelie Cronjé 083 303 6117





Letsitele bring uitkoms vir honde



Die AGS-kerk van Tzaneen het 'n pragtige inisiatief op die been gebring. Hulle het 'n spesiale dag vir behoeftige mense van Tzaneen en omgewing op hul kerkerrein gehou.

Alles wat die dag op die terrein beskikbaar was, is gratis bekom en is gratis weggegee. Daar was natuurlik kos en klere wat mense geskenk het en dan het 'n plaaslike haarkapper ook haar dienste beskikbaar

gestel. As jy dus behoeftig is en 'n haarsnit nodig het, kon jy dit hier kry. Daar was ook ander soortgelyke gratis dienste, produkte en kos.

Takbestuurder, Ferdi du Toit, het mooi gedink op watter manier NTK 'n verskil kon maak tot hierdie dag. En dit waarmee hy na vore gekom het, bring 'n knop in die keel. Ferdi het beseft dat behoeftige mense ook troeteldiere het. En as hierdie mense swaarkry, kry die diere ook swaar. Daarom het hy die hondekosverskaffer Ideal gekontak vir 'n skenking. Peter Horne van AVI Products het dadelik ingestem en het 50 sakke van 2 kg elk hondekos geskenk vir die dag.

Dit was werklik 'n besonderse dag wat 'n mens laat beseft hoeveel jy het om voor dankbaar te wees en dat ons almal in genade leef. Alle eer vir die sukses van die dag het gegaan aan die Here, die Groot Voorsiener.

Monthly news from Mr. Promotions

Nelson, a.k.a. Mr. Promotions, did promotions at Nanafa General Dealers, Seroko Trading Store, Mafelakule Milk Shop, at VKB Bethlehem, Malapa General Dealers at Peterchabeleng, B B Supermarket to name but a few. Nelson plays games and promotes Magnifisan on his promotions from his very orange Magnifisan van. He draws big crowds and in the end big business for VKB and Magnifisan.



“Welkom by NTK Nelspruit”

'n Dekade of drie gelede was dit ondenkbaar om te dink dat jy Nelspruit toe sou bel en die woorde “NTK, goeiemôre” sal hoor. Koöperasies was ingedeel binne grense en uitbeweeg na 'n ander gebied was ondenkbaar. Nou spog NTK met 'n tak op Nelspruit. Weliswaar nie 'n volwaardige handelstak nie, maar 'n verspreidingstoor, of DC, van waar hoofsaaklik verpakkingsmateriaal bemark word. Hierdie nuwe tak was voorheen bekend as Logic Line. Dit is intussen oorgeneem deur die VKB-groep, maar die besigheid bly nog min of meer dieselfde. Of daar in die toekoms uitbreiding sal kom, sal tyd leer. Buiten die kantore is daar drie store wat deel vorm van die besigheid: twee in Nelspruit en een in Low's Creek. Hoewel meeste besigheid op bestelling is, is daar tog instapbesigheid, want hier kan jy van 'n trek-boks tot 'n pizza-boks en alles tussenin kry! Om nie eers te praat nie van al die ander bykomstighede soos 'strapping' en dies meer nie!



Dirk Swart



Annatjie Roets



Pine



Wilson & Pine



Oor hierdie nuwe trok is almal baie opgewonde!

Kobus Oosthuizen groet na vele jare

Kobus Oosthuizen het diep spore in NTK getrap. En hierdie diep spore het hy vir 35 jaar getrap. Hy het onlangs afgetree as heelgoederebemerker van die Suidstreek van NTK. Voorheen het hy al afgetree uit die handel, maar sy kennis en ervaring het hom nog 'n hele paar jaar daarna deel van die NTK-familie laat bly.

Tydens een van die afskeidsgesellighede wat vir Kobus gehou is, het Nico van der Walt hom bedank vir 'n leeftyd se betrokkenheid by NTK. Hy het Kobus bedank vir die rolmodel wat hy vir al die bemerkers was, en vir die energie en passie wat hy in sy werk gesit het.

Wynand Benadie het vertel hoe Kobus leisels van verskeie handelstakke oorgeneem het en die skip gedraai het.

In antwoord het Kobus gesê as hy sy lewe kon oorhê, hy weer vir NTK/VKB sou werk. Dit was en is 'n fantastiese onderneming om voor te werk.



Vriende en kollegas: Cobus, Johan, Jaco, Garreth, Francois, Kobus en sy vrou Anita, Wynand, Boy, Nico en Linda

Oesfees in reënweer

Die jaarlikse Tuinplaas-oesfees het gemengde welslae behaal. Dit het baie gereën en dit het beslis bywoning negatief beïnvloed. Maar diegene wat daar was, het heerlik gekuier, lekker gesmul en saamgesing met die bekende liedjies van gaskunstenaar Pieter Smith.

Dit was die tweede jaar wat Nets Turvey, die voorsitter van die Boerevereniging, die dag aangebied het. NTK was deel van die dag al kon hulle nie juis produkte ten toon stel nie as gevolg van die reën. Maar bemerking is beslis gedoen! Die kleiduifskiet van die oggend het nog sonder reën gepaard gegaan maar daarna het die hemel se sluise oopgegaan en dit het lekker gesous. Meganisasie se Case-trekkers kon die reën deurstaan, maar ander uitstallings nie.



Thabazimbi word 3!

As daar verjaar word, moet daar ordentlik partytjie gehou word! En dis presies wat Thabazimbi-handelstak gedoen het. Hulle het hul derde verjaarsdag behoortlik gevier en almal het 'n jollie tyd gehad. Daar was verskaffers met stalletjies, en speletjies vir oud en jonk.

Die terrein van Thabazimbi-handelstak was omskep in 'n karnaval-atmosfeer en almal sien reeds uit na die groot fees as die tak vier jaar oud word!



Natuurlik was Hes van Afrivet daar.



Lindo en Enoch van Sekata oorhandig 'n geskenk aan 'n gelukkige klant

NTK borg VLU-kongres

Dit het nou al 'n instelling geword: NTK borg die VLU Noord-kongres wat jaarliks by Weesgerus aangebied word. Wat egter vanjaar anders was as ander jare, is dat 'n vrou van NTK die dames toegesprek het.

Marcia Froneman, as lid van hoofbestuur van NTK, het die eer gehad om die groeteboodskap namens NTK aan die dames te bring. Sy het die lang verbintenis tussen die koöperasie en die VLU uitgewys maar bygevoeg dat albei organisasies die toets van die tyd deurstaan het deur relevant te bly. Soos die VLU aangepas het oor tyd, het NTK ook aangepas en staan beide organisasies sterk, gerat vir die toekoms.

Marcia het ook van die geleentheid gebruik gemaak om sake uit te lig wat tot voordeel van NTK se lede is en insiggewende inligting oor VKB met kongresgangers te deel. Sy het afgesluit met die woorde wat die tema van die VLU Noord-kongres 2017 was: "Julle is in die kol".



VLU Noord bestaan uit Soetdoring, Bosveld en Koraal.



Marcia aan die woord



Carina en Marnel

WRSA Naboom bied opleiding aan

Die wildbedryf in Limpopo voorsien werkseleenthede aan duisende mense. 'n Groot leemte in die mark is egter om aan hierdie mense opleiding te verskaf. Hierdie leemte is raakgesien deur WRSA Naboom Bedryfskamer en daar is met 'n aksieplan begin om dit aan te spreek.

WRSA is ingedeel in streke en vanuit hierdie streke word bedryfskamers en studiegroepe bedryf. Bedryfskamers is oop ook vir nie-lede en die breër gemeenskap terwyl studiegroepe spesialiseer in spesifieke rasse (buffelstudiegroep en dies meer). Die Naboom Bedryfskamer funksioneer van die Springbokvlakte tot Melkriver/Vaalwater en van Potgietersrus tot Nylstroom hoewel lede kan besluit by watter bedryfskamer hulle inskakel.

Tydens die onlangse sessie kon werkers opleiding ontvang in meting van horings, spoorsny en dieregesondheid of voertuigonderhoud, wiel/band-onderhoud en hantering van algemene toerusting. Opleiding is gedoen deur kundige persone in elke veld.

Ongeveer 240 werkers is ingeskryf vir die opleidingsessie en sal dan in September die ander gedeelte van die kursus deurloop. NTK het 'n donasie gemaak en het ook relevante produkte op uitstalling gehad.



Insiggewende vergadering gehou

'n Insiggewende, betekenisvolle en positiewe vergadering is onlangs by Weesgerus gehou waartydens afdelings vergader het en toe byeengekom het om sake van belang aan te hoor en aan te spreek. Later was daar geleentheid vir bestuurders van NTK se afdelings om gesellig saam te verkeer. Dit was baie positief om oor afdelings heen te vergader.

Kort na middagete het Koos van Rensburg (uitvoerende hoof van VKB) die volle vergadering toegesprek. Hy het na personeel teenwoordig verwys as diegene in die loopgrawe wat eerste kontak maak met lede/boere/publiek en daarom moet hulle die regte storie weet en ingelig wees. Koos het 'n interessante opsomming van Suid-Afrika se ekonomiese vooruitskouing vir 2017 voorgehou. Hy het daarop gewys dat dinge soos wisselkoers 'n direkte invloed op almal het. Hy het ook 'n video gewys van die bekende TedTalks wat gegaan het oor wat leiers en ondernemings suksesvol maak. Die verskil tussen suksesvol en uiters suksesvol is dat die topleiers en -ondernemings van binne na buite gedrewe word, want hulle kan antwoord op die vraag 'hoekom' hulle iets doen en nie net 'wat' en 'hoe' hulle dit doen nie, die sogenaamde Golden Circle.

Daarna het hy verskeie redes voorgehou om sy stelling te staaf dat ons almal vir 'n ongelooflike werkgewer werk. 2016 het VKB as beste landboubesigheid in Suid Afrika afgesluit, in 2017 was dinge uitdagend maar steeds het VKB gemengde welslae bereik. 2018 se prognose lyk uiters belowend. Koos het gesê elkeen kan homself/haarself 'n klop op die skouer gee oor prestasies wat binne NTK bereik is. Maar nadat alles gesê is, nadat alles bespreek is, nadat alles bereik is bly daar een kernwaarde ... INTEGRITEIT.



Patricia en Lindo

Hoërskool Nylstroom hou fondsinsameling

Die handelstak het onlangs deelgeneem aan die prettag by die Hoërskool Nylstroom. Hulle het 'n skyfskietstalletjie ingerig met baie oulike pryse wat op die spel was. Michael, Manie en André het kinders en grootmense bygestaan met die skietery. Die inskrywingsfooi wat hulle gevra het, is teruggeskenk aan die skool.

Nici Fourie, ondervoorsitter van die beheerliggaam en hooforganiseerder van die dag, het die ondersteuning waardeur en haar dank teenoor NTK uitgespreek. Hierdie stalletjie het vir vermaak gesorg en is goed ondersteun.



Michael van der Merwe en Nici Fourie.



Manie staan by om te help met die skietery.

Warmbad Meg 'n trotse span



Bespreek voor 10 Oktober 2017 vir hierdie aanbod.



Die Pad Saam Vaart

3 NAGTE - 17 TOT 20 NOVEMBER 2017
VAN DURBAN NA PORTUGESE EILAND AANBOORD DIE MSC SINFONIA

Welkom aan boord van die MSC Sinfonia vir 'n vaart vol pret saam met Die Pad Saam-span. Op die reis is daar elke minuut van die dag of nag iets om jou mee te vermaak. Die MSC Sinfonia van 58 000 ton is die grootste en modernste vaartuig wat nog ooit in die Suid-Afrikaanse waters gevaar het, en bied aan gaste al die geriewe wat jy sou verwag van die wêreld se beste passasierskepe, soos 'n teater, kuiersitkamers waar vertonings aangebied word, 'n disko, verskeie kuierkroeë, winkels, 'n kasino, swembaddens, jacuzzi's, putt-putt-baan, spa, gimnasium, speletjieskamers en 970 kajuite waarvan 135 hul eie privaat balkonne het.

VANAF R3 650 - BESPAAR TOT 40%

17 November – Vertrek vanaf Durban

Vandag word jy op die MSC Sinfonia in Durban-hawe verwelkom. Maak seker jy staan op die dek wanneer die boot na die Portugese Eiland vertrek.

18 November – Portugese Eiland

'n Dag propvol pret op die lieflike strand van die Portugese Eiland. Gaan stap rond, ontspan in die warm kristalhelder water met 'n koue drankie uit die kroeg terwyl die boot se sjefs jou middagete voorberei by die grootste strandbraai in die Suidelike Halfrond. Die meer avontuurlustiges kan aan die snorkelduik-, visvang- of duikskursies deelneem of met 'n boot na Inhaca toe vaar om van die beste peri-peri-garnale en -hoender by die Lucas Restaurant in die dorpie te gaan proe. Of ontspan sommer-net by die strandkroeg. Vanaand se tropiese partytjie aanboord van die boot moet beslis nie misgeloop word nie, en is dikwels die hoogtepunt van die hele vakansie.

19 November – Op die see

Teen hierdie tyd ken jy nou al die boot en die lewe aanboord en is dit nou die tyd om al die vermaak op die program te geniet. Met drie etes daaglik en ook middernaghappies en tee en fyngebak wat gereeld voorgesit word, hoef jy jou net oor jou middellyf te bekommer terwyl die boot terugseil na Durban.

20 November - Durban

Ons vroegoggendaankoms in Durban beteken die einde van jou pretgevlude vakansie.

Kajuitkategorie	Kategorie	Spesiale tarief per persoon wat deel
Binnekajuit	Kategorie I1	R3 650
Binnekajuit	Kategorie I2	R3 850
Seeuitsig-kajuit	Kategorie O1	R4 050
Ekonomiese seeuitsig-kajuit	Kategorie O2	R4 250
Seeuitsig-kajuit met balkon	Kategorie I2	R5 050
Balkonsuite	Kategorie S1	R5 350

Hawe-, bagasie-, versekering- en diensfooi – R1 000 per persoon.

Let wel:

Bepalings en voorwaardes geld. Foute en weglatings uitgesluit. Spesiale tariewe kan nie saam met enige ander afslagaanbod gebruik word nie. Fooie word bereken teen huidige inventaris maar afslagte word beheer deur kapasiteit en kan ter eniger tyd teruggetrek of verminder word sodat pryse kan styg soos wat die boot voller word. Onderhewig aan beskikbare plek op tyd wanneer bespreking versoek word. Beperkte beskikbaarheid op hierdie aanbod op 'n eerste-daar-eerste-klaar-basis.

Ingesluit by jou tarief:

Verblyf in die kategorie waarin bespreek
3 etes per dag plus daaglikse middernaghappies
Partytjie vir alleenlopers
Vloervertonings elke aand
Disko
Alle speletjies en daaglikse aktiwiteite
Toegang tot kasino
Aerobiese oefening en gimnasium



vkb

Bespreeking moet direk per e-pos by SA Cruises gedoen word.
Meld in die e-pos "Die Pad Saam Readers' Special Offer".
Vir besprekings en navrae rig e-pos aan reservations@sacruises-sa.co.za
of bel 087 357 9133





SUB-SAHARAN AFRICA IS LAGGING BEHIND ITS COMPETITORS IN TERMS OF PRODUCTIVITY

and, particularly infrastructure, availability of local access to and cost of... ere other factors... sea told *Farmer's Weekly*... much of sub-Saharan Africa's agricultural expansion had been a result of more land coming into production. This is, in part, as a result of land in sub-Saharan Africa being acquired by large multinational investors," he said.

Sub-Saharan Africa is the only... in the world where... there is still enough land for... large-scale crop production... however, to benefit from... this production potential... and attract investors, African governments need to address... the social, political and economic instabilities in their countries. This was according to a report on the opportunities for agricultural expansion in sub-Saharan Africa compiled by Agribiz agricultural economists, Trishia Kap...

you a perspective of the... Saharan Africa is lag... in productivity," he... Access to impr... fertilisers, whi... average man... could help... more ou... "On... ava... wa...

10 million hectares and the... with 129 million hectares... Cameroon, Mozambique... Central African Republic... and... were... in the top eight... countries with the greatest area... available arable land. South... had 92 million hectares, which was... the former homelands... hopes that seeing how... available will... countries to sort... The Du...



More pull. More plough. More performance.

Now getting the most out your machinery is so much easier with our speciality lubricants and fuels. Scientifically designed to keep every running part moving smoothly, they reduce wear and tear and prevent cost inflicting breakdowns. Ensuring that everything runs as it should and you are able to reap your hard earned rewards.

laait dit glad loop



RADAR0617/E